

Persiese poësie en politiek in Iran: Die denke van opperleier Ali Hosseini Khamenei

Heinrich Matthee

Heinrich Matthee, Skool vir Regeringstudies, Noordwes-Universiteit

Opsomming

Opperleier Ali Hosseini Khamenei is sedert 1989 die magtigste politikus in die Islamitiese Republiek van Iran. Daarby is hy 'n digter wat aktief die rol van Persiese digkuns bevorder. Die doel van hierdie artikel is om die wisselwerking tussen Persiese poësie en politiek in Khamenei se denke te ondersoek. Daarvoor word gesteun op Alberto Melucci (1986), Jacques Rancière (2011) en Crispin Sartwell (2010) se teoretiese perspektiewe op politieke ordes.

Die artikel berus op 'n inhoudsontleding van toesprake deur Khamenei oor digters en die Persiese historiese erfenis, Persies as taal, mistieke Islam, kulturele imperialisme, die sogenaamde sagte oorlog, en die Islamitiese beskawing. Die artikel bespreek ook die institusionalisering van digkuns.

Persiese poësie is verweef met baie fasette van die politieke orde in Iran. Digkuns en kulturele simbole en vaardighede dien as bronne om die regime se legitimititeit en gesag te versterk. Hulle onderskraag ook die kombinasie van geestelike en politieke leierskap in die amp van die opperleier. Digkuns en verwante instellings bied 'n kanaal vir die opperleier om sy posisie binne die elites te versterk en die kulturele veld te hervorm. Digkuns vorm ook deel van Iran se sagte mag en wyer identiteitskompleks in sy buurstreke as teenvoeter vir Westerse kulturele en politieke invloed.

Digkuns speel 'n rol by politieke beïnvloeding en sosialisering en by die vorming van politieke subjekte. Terselfdertyd bied seremonies en digkuns maniere waarop die regime aansluit by die bevolking en 'n politieke gemeenskap handhaaf. Deur digkuns word ook gepoog om vir burokratiese, materiële of ideologiese swakhede tydens faksiestryde of binne die politieke orde te vergoed.

Digkuns vorm dus deel van die dinamiese wyses waarop die Islamitiese Republiek van Iran politiek voorgestel en bedryf word. In wisselwerking met kulturele en politieke kragte en gebeure

kan digkuns ook nuwe stemmings en energie in 'n politieke gemeenskap opwek en die netwerk van instellings nuut besnaar.

Trefwoorde: betekenishorison; digkuns; gemeenskap; Iran; Persianaat; politieke orde; revolusie

Abstract

Persian poetry and politics in Iran: The thinking of Supreme Leader Ali Hosseini Khamenei

Supreme Leader Ali Hosseini Khamenei has been the most powerful politician in the Islamic Republic of Iran (IRI) since 1989. Khamenei and his predecessor, the grand ayatollah Ruhollah Khomeini, emphasised the cultural and religious dimensions of their political struggle before and after the Islamic Revolution of 1979. The aim of the article is to investigate the interaction between Persian poetry and politics in Khamenei's thinking, with reference to the political subject, the political community, the Islamic Republic of Iran and Iranian influence in Central Asia and the Middle East.

The article uses a theoretical framework on politics and poetry that incorporates elements from the thought of Alberto Melucci (1986), Jacques Rancière (2011) and Crispin Sartwell (2010). The article itself is based largely on directed content analysis of a few poems and of Khamenei's translated speeches and statements, which are mostly published on his official website. Khamenei's views on poets and the art of poetry are discussed with reference to the Persian historical heritage, Persian as a language, mystical Islam, cultural imperialism, the so-called soft war, lifestyle and the Islamic civilisation.

The article also explores some of the policy practices and shifts in the political order, including the institutionalisation of poetry under Khamenei, and the operation of exclusion, censorship and persecution. It refers to the annual ceremonies for poets and religious hymn singers and the anniversaries of the Holy Defense or the Iran-Iraq War (1980–1988). It also deals with the poetry competitions and symphonic poems like “Sardar” (Commander), which were produced after Khamenei's main security adviser, Maj. Gen. Qasem Soleimani, was killed in a US drone attack in 2020.

To link Khamenei's promotion of Persian poetry only or mainly to the regime would obscure important aspects of his interest in poetry. The personal is also political in this case. Khamenei's thinking about poets and the role of poetry within the political order is rooted in his personal experiences as someone captivated by poetry, as a young poet and as an activist against the Pahlavi monarchy, also during imprisonment and torture.

Reserved and circumspect as a decision-maker, Khamenei did not have the political charisma, the status as a senior cleric or the historical role of Khomeini as leader of the Revolution when he came to power. Intentional or not, his promotion of Persian poetry during his supreme leadership served as an additional source of legitimacy and authority among the competing political factions and distinguished him from Khomeini.

For Khamenei, poetry is central to the transmission, preservation and renewal of a religious and political community's traditions. Poets have to defend the life and wisdom of the cultural

group or nation, to resist cultural invasions, and to help to maintain an independent cultural identity. According to Khamenei, poetry fulfils these roles by promoting or not opposing a specific revolutionary ideology. In this regard it is important to recognise the mistrust of major powers and the experience of various invasions that the leaders of the Islamic Republic share with leaders of the Qajar and Pahlavi monarchies.

Khamenei promoted the status of revolutionary clerics among intellectuals in the post-Pahlavi period. He also confirmed the cultural role of poets and raised the position of religious poets. Certain poets were admitted to the class of official cultural producers who offer a counterbalance and alternative space to those cultural producers who are regime critics and receive Western support. Despite the resistance of certain clerics, the position of art, mystical Islam and activist Shia doctrines were consolidated within Shia Islam. Within the productive system of power to which Melucci refers, Khamenei reformed the rules of the game.

The autocratic elements of Khamenei's rule stand in considerable tension to his intended cultural upliftment, because it excludes creative poets who are regime-critical, and sometimes silences them through censorship, intimidation and imprisonment. Political aspects of poetry, rather than beauty, serve as a strong measure of value. The regime affects the supply of poetry but also the demand for it.

Khamenei tries to develop personalities as political subjects and an affective community into reliable pillars of support. He therefore prescribes that poetry avoid certain themes, doubts and emotions. Televised ceremonies for the annual readings of poems, the commemorations of the Iran-Iraq War, and the memorial ceremonies for Qasem Soleimani have reinforced the role of poetry in the population. They also constitute an attempt to overcome any tension that might arise between poets as a cultural elite and the regime's attention to the "ordinary people". At the same time, Khamenei strengthened his alliance with the Revolutionary Guard as custodians of the regime and the organisational system.

The persuasive power and emotional effects of poetry, which is often expressed in song, renders poetry a powerful medium in Iran. Conveying values, examples and insights, evoking thoughts and feelings so as to shape and reshape people's identity and self-image, poems and songs can permeate all sectors of the population. The collective intensity of ceremonies with Shia praise singers and mourners cheering on Iranian fighters and their allies in Iraq, Lebanon and Syria, is striking. The symbolism of Qasem Soleimani's life and death as a national hero and Islamic martyr is also prominently expressed through poetry.

The historical model of Persian kingship rested on social and political order being ensured by the monarchy and the faith. Both rulers and clerics enjoyed spiritual authority, but only the ruler exercised real power. The political order in Iran now rests on Islamist institutions, including the Supreme Leader, and the elected Republican institutions. Khamenei now formally has high religious authority, but also exercises the most power. As such, Persian poetry currently serves to strengthen the legitimacy of Khamenei's role as a ruler, as it did with the historical kings.

Khamenei's express wish is that the Islamic Revolution, the Iran-Iraq War and the Islamic Republic of Iran will be remembered and preserved in history through poetry. The regime has achieved partial success in establishing among the new generations the founding myth, the symbols and the subjects of a new nation that arose through revolution and war. As Sartwell mentions, the political order and its operation cannot be understood without attention to its

aesthetic aspects. However, Iranian poets and citizens deal with this heritage in diverse and distinctive ways, including those who support the regime and those who are opponents and draw solace from poetry.

The focus in the literature on Khamenei's position as Supreme Leader misses a key aspect of his views on poetry, namely the influence of his experiences as a young spiritual and revolutionary activist. He experienced that the political community in Iran was so deeply divided between different conflicting visions and aspirations that they could almost be called different political worlds. He and other Khomeini followers were fighting an uphill battle against a strong state machinery and security forces. Yet even then he noticed how poetry could be used to weaken the authority of the monarchy's rule.

When Khamenei promotes a reliable affective community through poetry and other means, he aims to support the current regime. However, in the event that the regime's grip on the state institutions loses traction, he shifts his focus to a smaller cultural base, new cultural political figures and a new formation of power and meaning. Such a configuration might constitute a dominant faction within the existing order or even form a successor order. As often in Iran's history, poetry serves as a servant of the status quo and as a precursor of new political enterprises.

Poetry and poets form part of the dynamic ways in which the Islamic Republic of Iran are politically represented, constituted and operated. Religious and cultural symbols and skills serve as sources to strengthen the regime's legitimacy and authority. Poetry is used to support the model of leadership and the position of the Supreme Leader among political, military and cultural elites. Poetry plays a role in the formation of political subjects and interactions between the regime and the population.

Poetry forms part of Iran's soft power and wider identity complex in its neighbouring regions, which serves as a counter to Western cultural and political influence. Khamenei has expressly stated the wish that Persian as a language of wisdom and science, and Iran as a Shia nation, thus command a leadership role in the Islamic world. The use of poetry and choices about poets and poetry often interact within the context of factional struggles and changing circumstances. Poetry is sometimes also an attempt to compensate for bureaucratic, material and ideological weaknesses within the political order.

Within and beyond a narrow affective community poetry can raise alternative visions and shift the horizon of meaning. In the case of contemporary Iran, several factors promote such a shift. They include the increased popularity of elements from the pre-Islamic Persian heritage, forms of Iranian nationalism, economic challenges and political discontent among sections of the population and diaspora. An interaction between poetry, events and cultural and political forces can create diverse meanings, moods and energies in a political community and restring the networks of institutions.

Keywords: affective community; horizon of meaning; Iran; Persianate; poetry; political order; revolution

1. Inleiding

Opperleier Ali Hosseini Khamenei is sedert 1989 die magtigste politikus in die Islamitiese Republiek van Iran (IRI). Daarby is hy 'n periodieke digter wat aktief die rol van Persiese digkuns bevorder. Die doel van hierdie artikel is om die wisselwerking tussen Persiese poësie en politiek in Khamenei se denke te ondersoek. Khamenei en sy voorganger, die geestelike leier Ruhollah Khomeini, het voor en na die Islamitiese Revolusie van 1979 juis die kulturele en religieuse dimensies daarvan beklemtoon. Die artikel ondersoek hoe Khamenei se denke omgaan met digkuns en die verbande daarvan met die politieke subjek, die politieke gemeenskap en die IRI.

Die artikel begin met 'n teoretiese raamwerk oor politiek en digkuns, en bespreek daarna die kulturele en politieke konteks van die Persianaat asook Iranse nasionalisme en Islamisme. Daarna volg 'n gerigte inhoudsontleding van Khamenei se vertaalde toesprake en uitsprake, wat meestal op sy amptelike webwerf gepubliseer word. Die vier fases van sy betrokkenheid word toegelig en daar word gefokus op Khamenei se sienings oor digters en die digkuns en hoe dit verband hou met die Persiese historiese erfenis, Persies as taal, mistieke Islam, kulturele imperialisme, die sogenaamde sagte oorlog, leefstyl en die Islamitiese beskawing.

Die artikel bespreek dan in die volgende afdeling beleidspraktyke en verskuiwings in die politieke orde, onder meer die institusionalisering van digkuns onder Khamenei, en die werking van uitsluiting, sensuur en vervolging. Dit verwys na die jaarlikse seremonies vir digters en religieuse lofsangers en die herdenkings van die Heilige Verdediging, oftewel die Irans-Irakse Oorlog (1980–1988). Dit behandel ook die toondigte en digkompetisies wat in 2020 begin is nadat Khamenei se vernaamste veiligheidsraadgewer, genl.maj. Qasem Soleimani, in 'n Amerikaanse hommeltuigaanval gedood is.

Die artikel beskryf en beoordeel die wisselwerking tussen Khamenei se politieke oogmerke en sy denke oor digters en die digkuns. Na aanleiding van hierdie Iranse voorbeeld word dan meer algemene gevolgtrekkings oor die wisselwerking tussen digkuns en politiek gemaak.

2. Digkuns en politiek

Die politieke domein is volgens Julien Freund (in Le Bot 2015) die sosiale aktiwiteite wat op y van mag sorg politiek vir orde te midde van die mededinging wat weens vele belange ontstaan. Volgens Freund is drie dimensies van politiek opvallend. By die vorming van 'n politieke orde speel bevel en gehoorsaamheid 'n belangrike rol, wat dikwels deur allerlei instellings bemiddel word. Die politiek behels volgens Freund ook 'n onderskeid tussen die privaat en die openbare domein. Politieke begrensing hou ten derde verband met die kies of hantering van 'n vyand buitelands, terwyl die politiek binne 'n land meestal tussen teenstanders afspeel.

Al drie dimensies is ter sprake in Iran, maar in eiesoortige kombinasies. In voor-Islamitiese en Islamitiese stelsels het tradisionele politieke teorie beklemtoon dat die welsyn van die politieke eenheid en sy subjekte afhang van sosiale en politieke orde. Daardie orde het berus op die twee pilare van die monarg en die geloof. Die geestelikes het teenoor die monarg redelike selfstandigheid geniet. Die Islamitiese Revolusie het egter 'n politieke stelsel in Iran gevestig

met verkose republikeinse instellings (soos die presidensie en parlement) wat saam met Islamitiese instellings (waaronder die opperleier) regeer en bemiddel. Die opperleier se posisie was nog altyd wat mag en gesag betref die sterkste in die konstellasie van kragte, maar dit is onder Khamenei stelselmatig verder uitgebou.

Bevel en gehoorsaamheid speel dus 'n rol. Informele netwerke, sleutelpersoonlikhede en religieuse en revolusionêre stigtings is egter meermale net so belangrik as formele instellings vir politieke magsuitoefening. Die verhoudings tussen persone, families, plaaslike gemeenskappe en ruimtes word soms met meer tussenvorme vertolk as net Freund se tweedeling tussen private en publieke ruimtes. Hoewel die begrensing tussen nasiestate ook vir Iran geld, word die politieke orde soms volgens 'n wyer en heterogene identiteitskompleks in buurlande vertoon en uitgebou. Daardie identiteitskompleks het historiese, revolusionêre, Sjia-gesinde en Persiese elemente, en digkuns speel ook daarin 'n rol.

Die strategieë, prosesse en uitwerking van mag is volgens Alberto Melucci (1996) teenwoordig in vier interafhanklike stelsels, naamlik die produktiewe, politieke, organisatoriese en reprodusiewe stelsels (Melucci 1996:26–8). Die produktiewe stelsel hou verband met die produksie en toewysing van 'n samelewing se basiese hulpbronne, insluitende kognitiewe, simboliese en verhoudingsbronne. Die politieke stelsel is net 'n ontledingskategorie, naamlik die vlakke waarop besluite geneem word oor die verspreiding van hierdie hulpbronne tussen mededingende belange binne 'n raamwerk van gedeelde reëls. Die organisatoriese stelsel beheer die samelewing se eksterne en interne aanpassing by gebeure, die rolspelers en die omgewing waarin dit plaasvind, deur prosesse van wisselwerking. Die reprodusiewe stelsel handhaaf en reproduseer die voorvereistes vir sosiale lewe deur persoonlike verhoudings wat deur identifikasie, onderskeiding en kommunikasie verloop.

By beide produktiewe en reprodusiewe stelsels aktiveer mites, rituele en simbole mense se mees intense emosies, sosiale interaksie, morele gevoelens en organisasie in groepe. Hulle bring veranderinge mee in sosiale interaksie en hoe mense daarvoor dink en voel (Boyer 2001:243–6). 'n Politieke orde, binne maar ook buite Iran, kan nie verstaan word sonder verwysing na die spesifieke persone, groepe en instellings wat dit bewoon, beliggaam en produseer nie. Die politieke lewe, die organisatoriese stelsel en die skikkings tussen die elites in die betrokke orde word gevorm, vertolk, betwis en herorganiseer met verwysing na die kulturele formasies van betekenis. Die kulturele formasies sluit verhoudings, idees, waardes, gewoontes, rituele en praktyke in wat ook vir digters tersaaklik is.

'n Revolusionêre stryd is veral 'n stryd tussen mededingers om die legitimiteit van 'n bewind en sy gesag oor 'n bevolking (Arjomand 1985). 'n Revolusionêre organisasie probeer deur sy diskoerse, mites, simbole en praktyke die heersende bewind se gesag oor dele of die geheel van 'n bevolking verswak of verydel, en in 'n ideale geval deur sy eie gesagsinstellings vervang. Dit kan gebeur dat bevryde gebiede van die gees en gemoed en nuwe horisonne van betekenis ontstaan sonder dat dit neerslag vind in gebiedsbeheer of in groot relatiewe materiële krag, of voordat dit gebeur. Freund noem dat revolusionêre partye ook binne 'n politieke orde politieke teenstanders as vyande kan beskou. 'n Politieke eenheid kan dus fragmenteer tussen strydende politieke gemeenskappe op weg na 'n moontlike burgeroorlog (Le Bot 2015).

Politiese ordes is dinamiese wisselordes. Die rol en posisie van belangrike kulturele en politieke temas, rolspelers en prosesse kan in wisselwerking met mekaar verander om eenheid te vestig of nuwe eenhede te skep. Digkuns en die posisie van digters kan in verskillende politieke ordes

minder of meer prominent wees. Belangrike kultuurpolitieke idees en praktyke na die Islamitiese Revolusie het byvoorbeeld na vore getree weens die oorwegings van strategie, faksiestryde en veranderende omstandighede voor, tydens en na die Revolusie (Amanat 2017:770).

Politiek omvat aktiwiteite wat subjekte en gestaltes produseer en wat erkenning deur ander subjekte probeer verkry. Die betekenis van subjekte, byvoorbeeld 'n revolusionêre en gelowige Sjia-burger in Iran, word gevorm in verhouding tot ander subjekte en diskoerse, waarby insluiting, uitsluiting, stiltes, hervertolking, heronderhandeling en geweldspolitiek kan voorkom (Mouffe 1993). Die politiek kan die inkleding van aktiwiteite en rolspelers as synde politieke al dan nie bepaal, dus ook digkuns en digters. Jacques Rancière beskou digkuns as 'n manier om tussen verskillende regimes van emosies en betekenis nuwe sin en ritme uit 'n kollektiewe lewe te maak. Digkuns en die politiek deel die vermoë om te ontwig en die kans om ander subjekte, 'n ander gemeenskaplike wêreld van sinvolheid en 'n ander gemeenskap van die lewendes en die dooies daar te stel (Rancière 2011).

Volgens Sartwell (2010) gaan estetika oor die aard van kuns, estetiese waardes, veral skoonheid en verheuenheid, standarde van smaak en beoordeling, en mimese of uitbeelding. Nie alle kuns kan as direkte politieke uitdrukking beskou word nie, maar alle politieke uitdrukkings bevat estetiese elemente. Die estetiese uitdrukkings van 'n politieke stelsel is sentraal tot die inhoud daarvan, hoe die politiek voorgestel en uitgeoefen word. Die politieke orde kan net verstaan word deur ook die estetiese aspekte te verstaan. Die estetiese aspekte van 'n politieke orde kan mettertyd in betekenis verskuif en die betekenis kan anders ontplooi word of neerslag vind.

'n Politieke betrokke digter soos Brenda Hillman argumenteer dat verbeelding genoeg van 'n teenvoeter is vir die risiko dat politieke gedigte swak kuns en waardelose propaganda word. Die meeste ervarings en materiaal waarmee digters werk, is ook potensieel veelstemmig en vol onverwerkte elemente (Hillman 2012). Wat die oorlewing van hedendaagse kultuur betref, sien Hillman vier terreine waarop digkuns besonder effektief kan wees: by die bepaling van wie ons in ons historiese, kulturele en natuurlike omgewings is; die mag van taal en elke woord, frase en onderlinge verbindings; die vermoë om emosies op baie vlakke konkreet, figuurlik en metafisies te deurduidelik en te besef dat betekenis op baie vlakke sirkuleer; en 'n bewussyn van hoe spesifiek en vreemd alles is, tesame met die oortuiging dat dit uitgebeeld kan word (Hillman 2008).

Sowel buitelanders as die meeste Iraniërs geniet beperkte toegang tot die boonste kringe van Iran se maatskaplike en politieke orde. In 'n semi-outokratiese staat soos die IRI beteken dit dat toegang tot die gedigte en nie-amptelike denke van Khamenei, asook vrye bespreking van die tema van poësie en politiek in die hoofstroommedia, nie voor die hand liggend is nie. Soms kan spesifieke verbande tussen uitsprake of beleid oor digkuns en spesifieke politieke ontwikkelings gelê word. Oor die algemeen is dit egter moeilik en kan navorsers net algemene tendense identifiseer en beskryf. Hierdie situasie bemoeilik 'n beter begrip van die wisselwerking tussen digkuns en politiek in hedendaagse Iran. Dit is hier waar 'n aansienlike gebied vir toekomstige navorsing braak lê.

3. Die kulturele en politieke konteks

3.1 Persiese digkuns en die Persiaanaat

Tot die 20ste eeu het Persiese digters vir eeue belangrike vormingswerk verrig aan die hoë kultuur (*adab*) onder elites binne ’n kultuurkompleks wat van die Balkan tot in Bengale gestrek het. Dié kultuurkompleks het gedeelde denkraamwerke, woordeskat, motiewe, kommunikasiekanale, verhoudings en instellings ingesluit. Matthew Hodgson het dit die Persiaanaat genoem (Kia 2020:13). Die historikus Ehsan Yarshater noem digkuns die belangrikste kunsprestasie van Persië (Yarshater 1962), terwyl die letterkundige Ashgar Seyyed-Gohrab digkuns as die siel en aura van die Persiese kultuur beskryf (Seyyed-Gohrab 2019:13).

Digters het binne hierdie kultuurkompleks as opvoeders, lofsangers en wysgere ’n belangrike rol aan die howe van heersers en onder die sosiale elites gespeel (Ahmed 2016:32–46). “Poësie is soos ’n pêrel in die oor van die koning,” het een spreuk gelui. Die 11de-eeuse Persiese digter Naser Khosrow Qobodiyani se ingesteldheid was weer anders. Hy het in ’n koeplet genoem dat hy nie lofgedigte vir heersers opstel nie, omdat hy nie die kosbare pêrel van sy taal voor die voete van swyne wou gooi nie (Olszewska 2015:xi).

Persies, in Afganistan Dari genoem, bied ’n baie gepaste medium vir digters. Persies as taal het ’n buigsame grammatika en groot dele van die woordeskat kan etlike nuanses en betekenis hê. Met klein verskuiwings in uitspraak kan digters ook nuwe woorde en betekenis aanboor. Indirekte of verskuilde verwysings en kommentare vorm daarby ’n kerndeel van openbare en private gesprekke in Iran. Vir eeue is digkuns dikwels deur sang aangebied, en hierdie wisselwerking tussen liedere en digkuns bly baie sterk in hedendaagse Iran (Simms en Koushkan 2012; Siamdoust 2017).

Spesifiek in Iran geniet digkuns onder die meeste lae van die bevolking groter gewildheid en verweefdheid met die alledaagse lewe as in hedendaagse Europese kulture. Digkuns dien ook as die draer van eeue oue insigte oor menswees, die wêreld en geestelike aspekte. Persiese digkuns word gelees, voorgedra of gesing, of verskyn op geboue, agterop voertuie of in kalligrafiese stukke of tydens die Covid-pandemie in WhatsApp-kommunikasie om vriende en familie op te beur. Sowel politici as burgers gebruik byvoorbeeld die digreëls van Middeleeuse digters as indirekte politieke kommentaar. Die persoonlike kan ’n politiese boodskap dra, maar die omgekeerde kan gebeur. Sien byvoorbeeld die beeld van ’n gesluisde vrou met groen oë en ’n gedig agterop ’n bakkie in Tehran in 2022: “Jou oë was die Russiese Leër, my hart was weerlose Oekraïne” (Amiri 2022).

Moxey (2013) verwys na heterochronisiteit, die idee dat ’n verskeidenheid temporaliteite bestaan wat nie noodwendig met mekaar verband hou nie. Daar word byvoorbeeld in Iran ’n waarde aan die werke van klassieke Persiese digters soos Rudaki, Ferdowsi, Attar, Saadi, Hafez, Molavi en Khayyam geheg wat merkbaar verskil van die huidige waardering van klassieke Westerse denkers en digters in Europese kulture. Grafmonumente van klassieke digters dien as persoonlike bedevaartsoorde. Die genoemde klassieke digters se verjaardae word almal jaarliks herdenk. Hafez se *Diwan* dien trouens as die lewensgids vir vele Iraniërs, ook by Nuwejaarfeeste. Dit stem ooreen met Hafez se invloed voorheen in die Persiaanaat (Ahmed 2016).

Denkers binne strominge van Sjia-Islam en Soefisme het terselfdertyd al lank met Westerse denkers se werke omgegaan, insluitende Aristoteles, Kant, Hegel, Corbin, Goerdjieff en Heidegger. Selfs 'n Islamitiese filosoof soos Sijhaab Soehrawardi (1154–1191), wat ook deur Khamenei aangehaal word, het sy denke na twee oerbronne herlei: Zoroaster en Plato (Walbridge 1999). Die omgekeerde wisselwerking geld ook vir Westerse denkers wat met Persiese denkers en digters gemeed was, onder andere Goethe, Emerson, Nietzsche en Voltaire, en op eie bodem C.J. Langenhoven, D.J. Opperman en Daniel Hugo (Hugo 2018:24–32).

3.2 *Iranse nasionalisme*

Binne die Persianaat se kulturele kompleks was Iran 'n eiesoortige politieke entiteit. Dit is vir bykans 2 500 jaar deur die rolspelers daaromheen as sodanig erken. Sedert die 16de-eeuse Safawidiese Ryk, toe Sjia-Islam die staatsgodsdienst geword het, het die grense van Iran se grondgebied verander, maar dit het 'n ononderbroke politieke identiteit gehad (Amanat 2017:1). Die uitbeelding van Iran en die wyses waarop mense en groepe met Iran geskakel het, het egter verskil.

Iran het oor die eeue heen 'n veeltalige, multireligieuse en multiëtniese bevolking gehad, waarin Perse vandag na skatting net meer as 50% vorm. Heelwat faktore het die verskillende politieke ordes gevorm, waaronder oorgrensnatwerke van verwantskap, golwe van sentraliserende en desentraliserende owerhede, kombinasies van identiteite en verpligtings teenoor gemeenskappe en owerhede, en verskuivende alliansies. Voornasionale Iranse ordes was dikwels gedentraliseerde hiërargieë van oorvleuelende gesag, eerder as sterk gesentraliseerde state. Volgens Nasrin Rahimeh het verskillende magte sedert die ontstaan van moderne Persiese letterkunde pogings probeer aanwend om 'n bewussyn van 'n nasionale identiteit te skep, uit te druk en te handhaaf (Rahimeh 2017).

Iranse nasionalisme dien as 'n versamelterm vir meerdere kombinasies van idees, politieke kragte, teikengehore, arenas, hulpbronne en politieke stryde oor wat die Iranse nasie binne die Persianaat behels. Nasionalistiese tradisies in die 19de en 20ste eeu is dikwels minder beïnvloed deur Westerse liberaal-nasionale idees as byvoorbeeld Ottomaanse en Russiese tegnomilitariese staatsbou en die denke van Turkse republikeine, Duitse teenmoderniste en Russiese Marxiste (Matin-Asgari 2018:8).

In sommige denkstrome onder nasionaliste was daar 'n hernude klem op Iran se voor-Islamitiese Persiese erfenis. Dit is beskou as “'n goue tydperk” wat met die Islamitiese en Arabiese verowering tot 'n “tragiese einde” gekom het. Hierdie uitkyk kan op sy eie staan of gekombineer word met die vermeende Ariese herkoms van die Perse volgens Europese teorieë, 'n “verplaaste nasionalisme” wat onder sjah Reza Pahlavi 'n oplewing beleef het (Zia-Ebrahim 2016). Daarby was daar 'n gebiedsgebonde pan-Iranisme wat solidariteit bevorder het tussen die volkere wat op die Iranse hoëveld en die aanliggende vlaktes woon (Atabaki 2001). Sekulêre of burgerlike nasionalisme, waarin proteksionisme en Islamitiese reg as belangrike wigte en teenwigte in 'n ideale politieke orde gedien het, was 'n ander vorm (Lal 2019).

Onder sowel sjah Reza Pahlavi as sy seun sjah Mohammad Reza Pahlavi is Persië se voor-Islamitiese geskiedenis en erfenis en 'n sekulêre nasionalisme by tye sterk beklemtoon. Teen die einde van Mohammad Reza Pahlavi se bewind is 'n filosofie van herrysenis bevorder. Dit het elemente van inheemsheid bevat en is met Derde Wêreld-identiteit belyn. Dit is as outentiek Islamities en Irans beskou, nie Oos of Wes nie, maar wel monargisties. Afgesien van

laasgenoemde faset, die monargie, het hierdie uitkyk, ironies genoeg, aansienlik oorvleuel met die Revolusie se dominante ideologie, soos deur Khomeini geformuleer (Matin-Asgari 2018:224–40).

3.3 Islamisme

Islamisme sou na die Islamitiese Revolusie in 1979 die dominante raamwerk in Iran word. Die term *Islamities* beskryf meestal 'n religieuse verskynsel en word ook so in hierdie artikel gebruik. Die term *Islamisme*, daarenteen, dui op 'n politieke en ideologiese stroming waarin sekere perspektiewe op Islam 'n prominente rol speel (Calvert 2009; Hovsepian-Bearce 2016). In die geval van Iran was Sjia-Islam die dominante godsdiens. Die eerste elf Sjia-imams was dikwels die slagoffers van heersers se komplotte, en na die twaalfde imam se verdwyning kon geen geestelike sy status ewenaar nie. Latere geslagte van Sjia-Moslems het hulself vir lang tydperke in die geskiedenis polities neutraal of afsydig geïsoleer. Vir eeue was die Sjia-geestelikes plaaslik invloedryk en nie onder een gesag nie, maar mettertyd is enkele geestelikes as gesaghebbend beskou.

Khomeini het Sjia-diskoerse egter herinterpreteer sodat dit 'n aktiewe stryd teen onderdrukkers voorskryf. Hy het tydens demonstrasies in 1963 die Sjia se regime nie uitdruklik as illegitiem beskryf nie. Vanaf die laat 1960's het hy dit egter wel gedoen en die doelwit van 'n Islamitiese staat geformuleer, 'n ideologiese uitvinding wat die stryd van die opposisie teen die Sjia verander het (Shadmehr 2017). Khomeini het ook die historiese Persiese balans tussen 'n heerser en 'n paar geestelikes as religieuse gesag vervang met die idee van heerskappy deur die hoogste Moslem-juris, die sogenaamde leerstuk van *velayat a-faqih* (voogdskap van die juris) (Ostovar 2016:19–38). Dit het binne ander vorme van Islamisme 'n unieke politieke model gevorm.

Brubaker beskou religieuse en nasionalistiese identiteitspolitiek as analoë verskynsels. Rolspelers wat op vorme van identiteitspolitiek fokus, maak aanspraak op grond van die identifiserings van ekonomiese hulpbronne, politieke verteenwoordiging, simboliese erkenning of kulturele reproduksie deur institusionele of territoriale outonomie. Terwyl enige nasie as beperk verbeel word, as net een onder baie ander sulke nasies, word die Moslems se internasionale gemeenskap of *oemma* nie beskou as beperk naas ander nie, maar as die hoogste uiteindelijke bron van politieke legitimiteit (Brubaker 2012). Die begrensing tussen nasiestate geld ook vir Iran. Die politieke orde word egter soms volgens 'n wyer en heterogene identiteitskompleks binne die omringende streek verbeel, vertoon en uitgebou. Daardie identiteitskompleks het historiese, revolusionêre, Sjia-gesinde en Persiese elemente, en digkuns speel ook daarin 'n rol.

4. Inhoudsontleding van Khamenei se vertaalde toesprake en uitsprake

Die artikel fokus op die wisselwerking tussen Persiese poësie en politiek in Iran tydens die opperleierskap van Khamenei. Dit sou egter verkeerd wees om sy belangstelling in die digkuns as net polities instrumenteel te beskou. Hierdie afdeling bespreek verskillende fases in Khamenei se betrokkenheid by digkuns en ontleed sy sienings oor digters en digkuns met verwysing na die Persiese historiese erfenis, Persies as taal, mistieke Islam, kulturele imperialisme, die sogenaamde sagte oorlog, leefstyl en Islamitiese beskawing.

4.1 Khamenei se vier fases van betrokkenheid

Weens Khamenei se leiersposisie, die aard van die politieke orde in Iran, en die beperkte beskikbaarheid van of toegang tot meerdere bronne moet mens huidige weergawes van sy lewe met die nodige versigtigheid beoordeel. Terselfdertyd is daar voldoende getuieis van tydgenote wat daarop dui dat Khamenei reeds lank voor sy politieke aktiwiteite 'n kennis van en waardering vir digkuns vertoon het.

Die bron vir hierdie afdeling is byna deurgaans Hovsepian-Bearce (2016), vergelyk met die biografiese skets van Khamenei op sy amptelike webwerf. Op grond daarvan kan 'n mens die rol van digkuns in sy lewe breedweg in vier onderling verwikkelde fases verdeel. Die eerste fase is dié van sy jare as kind en jong volwassene. Khamenei is in die heilige stad Mashhad in Iran gebore. Sy vader was Javad Hosseini Khamenei, 'n arm geestelike en opvoeder van Azeri-afkoms wat in Najaf, Irak, gebore is. Hy was ook 'n sogenaamde *sajjid*, iemand wat 'n afstammeling van die profeet Mohammad was en daarom 'n sekere sosiale status geniet het. Sy moeder was Khadijeh Miramdadi, van Persiese afkoms en ook in Najaf gebore. Volgens sy amptelike biografie was Khamenei se grootvader aan vaderskant 'n invloedryke Sjia-geleerde en -juris, en later die Vrydag-gebedsleier in Tabriz, Iran. Hy was ook 'n ondersteuner van die Grondwetlike Revolusie in Iran in 1905 wat meer politieke wigte en teenwigte wou invoer. Khamenei se grootvader aan moederskant was 'n religieuse juris. Hy was onder diegene wat in 1935 ná 'n rebellie teen sekularisering by die Goharshad-moskee in Mashhad gearresteer is.

Khamenei het sy vader beskryf as 'n stil liefhebber van boeke en geleerdheid. Sy moeder was 'n wyse, opgevoede vrou met kuns- en digtalente wat graag Persiese gedigte vir hom gelees het. As 'n seun het hy 'n religieuse opvoeding gekry en later het hy by die Ferdowsi Literêre Vereniging in Mashhad aangesluit. Daar het hy etlike prominente digters ontmoet en duidelik 'n diep belangstelling in letterkunde en gedigte ontwikkel. Hy het daar gedigte onder skryfnaam soos Zia al-Din en Amin geskep. In die letterkundige kringe het hy ook kritici van die Sjah se beleid ontmoet. Later, toe hy as geestelike aan Qom se seminarium gestudeer het, het hy aangehou om voorlesings van gedigte te organiseer, aktiwiteite wat kritiek van die konserwatiewe geestelikes ontlok het (Hovsepian-Bearce 2016:25–48).

Die tweede fase is die 17 jaar tussen 1962 en 1979 as 'n politieke en religieuse aktivis. Tydens hierdie fase het Khamenei as 'n geestelike in publikasies, klasse, lesings en preke imam Ruhollah Khomeini se stryd teen die Sjah ondersteun. Weens sy politieke aktiwiteite het Khamenei minstens ses keer in die gevangenis beland. Etlike kere het dit gepaard gegaan met vorme van ondervraging en marteling deur die Savak, die Sjah se veiligheidsdiens wat destyds bande met die Amerikaanse CIA en die Israeliese Mossad gehad het. Een van sy selmaats onthou Khamenei se bemeestering van hedendaagse letterkunde, veral digkuns. Hy is soms ook na ander streke in Iran verban. Khamenei het 'n aantekeningboek by hom gehou waarin hy nuwe gedigte aangeteken het wat hy interessant gevind het. Tydens sy laaste aanhouding het die Savak dit gekonfiskeer en nooit teruggegee nie (Hovsepian-Bearce 2016:136–7).

Die derde fase was sy tyd as 'n senior leier in Khomeini se kring tydens die Islamitiese Revolusie van 1979 en tydens die Irans-Irakse Oorlog (1980–1988). Khomeini het die oorlog as die Heilige Verdediging bestempel, 'n politieke, territoriale en geestelike stryd om die Revolusie en Sjia-Islam teen Irakse aggressors te verdedig. Vir kort tydperke aan die begin van die oorlog was Khamenei die politieke kommissaris van die vroeë Islamitiese Revolusionêre Wagkorps (*Sepah of Pasdaran*) en die sekretaris van verdediging (Ostovar 2016).

Tydens die oorlog het Khamenei 'n belangrike figuur gebly wat aktief aan digters riglyne oor die oorlog gegee het. Hy het gehelp om digters en voorlesings van gedigte te organiseer ten einde soldate te mobiliseer, en daar is foto's van hoe hy die frontlinie en loopgrawe besoek het. Op 27 Junie 1981, nadat hy van die front teruggekeer het en Khomeini besoek het, het hy in die Abuzar-moskee in Tehran 'n lesing gelewer. 'n Bom wat politieke opponente in 'n bandmasjien voor hom geplaas het, het ontplof. Hoewel hy die sluipmoordaanval oorleef het, kon hy daarna nie meer sy regterhand gebruik om te skryf nie. In 'n bomaanval op 30 Augustus 1981 is die destydse president Mohammad-Ali Rajai en premier Mohammad-Javad Bahonar gedood. Khamenei is daarna in 1981 en weer in 1985 vir 'n vierjaartermyn tot president verkies (Hovsepian-Bearce 2016).

Die vierde fase is die tydperk as opperleier van 1989 af. Die beskikbare inligting oor Khamenei se betrokkenheid by Persiese digkuns in hierdie tydperk is te fragmentaries om groot verskuiwings tydens hierdie fase duidelik aan te dui. Indien meer inligting beskikbaar was, kon die lang en uitdagende fase waarskynlik verder opgedeel word. Hierdie fase, veral die tydperk van 2004 tot 2021, vorm die basis van die bespreking oor Khamenei se denke oor Persiese poësie en sy gebruik van nuwe openbare seremonies om die rol van poësie binne die politieke orde te handhaaf en te bou.

Die opperleier se posisie was altyd ten opsigte van mag en gesag die sterkste een in 'n konstellasië van vele magte. Hy het sy posisie stelselmatig uitgebou met behulp van kultuurpolitiek, wat ook die digkuns ingesluit het. Terwyl 'n digbundel van Khomeini eers nadoods verskyn het, het Khamenei tot dusver ook verkies om sy gedigte privaat te hou. Khamenei se bevordering van die Persiese digkuns is ongetwyfeld gewortel in 'n egte persoonlike belangstelling daarin. Die bevordering van die digkuns was egter ook deel van sy bydrae as revolusionêre aktivis, as regeringsleier en as ideoloog.

4.2 Persiese erfenis en Islam

Voorstanders van die Islamitiese repertoires, soos Khamenei, het die bestaan van 'n ou Iranse nasie as 'n gegewe aanvaar. Hulle het hulle egter dikwels daarvan weerhou om dit enige politieke of ideologiese waarde te gee. Khamenei self het gesukkel om sy Islamisme te versoen met die toenemende gewildheid van die voor-Islamitiese Persiese erfenis onder baie mense in Iran, veral sedert die vroeë 2000's. Die legitimering van voor-Islamitiese Persië het 'n hoogtepunt bereik met president Ahmadinejad (2005–2013) se verering van Kores die Grote, die stigter van die Achaemenidiese Ryk (Fozi 2016).

Khamenei het sy ongemak met die kwessie aangedui deur te sê dat sommige monumente, soos dié by Persepolis, met politeïstiese diktators verband hou. Hy het genoem dat dit moontlik is om hulle te beskou as die produk van Iraniërs se kunstalente en vakmanskap, as bronne van trots. Sommige historici van antieke Griekeland meen dat Griekse bouers en invloed ook Persepolis help vorm het, maar Khamenei het dit nie vermeld nie. Hy het wel die Islamitiese periode se voorrang binne sy raamwerk uitdruklik gestel: “Natuurlik glo ek vas dat dit wat Iraniërs ná Islam bereik het, op geen manier vergelykbaar is met dit wat hulle in die voor-Islamitiese tydperk bereik het nie” (Khamenei 2008; my vertaling hier en elders).

Een weerspreking van of uitsondering op bogenoemde was dat Khamenei, soos ander revolusionêre ideoloë, die reuserol van klassieke digters in die geskiedenis van Islam en Iran erken het. Hy het genoem dat Iran 'n groter prominensie in digkuns bereik het as in enige ander veld.

Hy het ook die groot Persiese klassieke digters geprys dat hulle die kultuur gevorm, behou en van geslag na geslag oorgedra het. Die groter rol en status van sulke historiese denkers en digters – in teenstelling met kulture waarin die skakels tussen generasies en tradisie minder aansien geniet – moet hierby in ag geneem word.

Khamenei het weggebly van stellings wat op die bewieroking van politieke ordes en heersers uit voor-Islamitiese Persië neerkom. Sy toesprake erken nietemin Iran as ’n nasie op maniere wat verder gaan as Khomeini se nienasionale klem op ’n transnasionale *oemma* of gemeenskap van Moslem-gelowiges en die viseregentskap van God. Khamenei het ook Khomeini se beeld herskep as die leier wat twee vlae van gelyke waarde gehys het, naamlik die herlewing van Islam as ’n mag en bron van hoop vir die *oemma*, en die bevryding van Iran en die Iranse nasie van onderdrukking (Khamenei 2009c).

4.3 Persiese taal

Reeds in 2004, moontlik vroeër, het Khamenei beklemtoon dat dit noodsaaklik is om die Persiese taal en letterkunde te bevorder (Khamenei 2004). Later het hy verwys na die voorbeeld van Frankryk en Duitsland wat nie toelaat dat Engels hulle wetenskapstaal word nie (Khamenei 2019b). Volgens hom het die Britse Ryk, waar dit ook al beweeg het, die plaaslike bevolking verplig om Engels te praat en mededingende tale uitgewis. Op die Indiese subkontinent, waar Persies of Farsi eeue lank die amptelike taal was, het die Britte Persies verbied en dit deur Engels vervang. Die Franse, Nederlandse, Spaanse en Portugese ryke het ook hulle tale afgedwing (Khamenei 2012b).

Khamenei het nie sy ontleding uitgebrei na die Arabiese invallers wat Islam in Iran gevestig en Arabies afgedwing het, waardeur Persies weens die talle Arabiese leenwoorde in die Arabiese alfabet omvorm is nie. Hy is bewus dat sommige teenstanders van die Islamitiese orde in Iran en die geestelikes hulle as die navolgers van ’n Arabiese imperialisme beskou. Dit is een subtema in “Dit was nie net dié oggend nie”, ’n gedig van die modernistiese digter Ahmad Shamlu, wat wel die revolusie teen die Sjah gesteun het (Alavi 2016:120, 192). Moontlik was Khamenei ook bewus van Arabiere se belangrike rol in vroeë Sjia-Islam. Naas Persiese volksdigkuns het Arabiese digkuns en tweetaligheid ná die Arabiese invalle ’n rol in die opbloei van Persiese digkuns gespeel (Frye 1975:168–74).

Khamenei het genoem dat Persies as ’n wetenskapstaal so ’n status moet bereik dat navorsers in ander wêrelddele Persies wil leer om toegang tot sekere kennis en die wysheid in Persiese digkuns te verkry. Terselfdertyd het hy die aanleer van Arabies as die taal van die Heilige Qur’aan aangemoedig, terwyl die Qur’aan se Arabies ’n verpligte skoolvak was. Khamenei het dus nie aansluiting gevind by diegene in die 20ste eeu wat Persies heeltemal van Arabiese invloede wou suiwer nie. Hy het wel die uitsaailiggaam van die Islamitiese Republiek van Iran (IRIB), wat direk aan hom verantwoording moes doen, tydens ’n byeenkoms van digters in 2019 gemaak om te verseker dat woorde uit ander vreemde tale tot Persiese woorde omvorm word (Khamenei 2019b).

Khamenei se opmerkings maak deel uit van ’n wyer herpositionering van Persies onder die politieke elite, terwyl etniese Perse na skatting tans net meer as die helfte van Iran se bevolking uitmaak. Die Akademie vir Persiese Taal en Letterkunde se hoof sedert 2013 is Gholam-Ali Haddad-Adel, wie se dogter met Khamenei se seun Mojtaba getroud is. Haddad-Adel het suksesvol beding om twee agentskappe wat die Persiese taal bevorder saam te voeg in die

Saadi-Stigting, vernoem na die Middeleeuse digter Saadi. Terwyl Sjia-Islam en die Islamitiese Republiek se ideologie 'n belangrike deel van Iran se kulturele diplomاسie in die Midde-Ooste is, maak Persies en 'n Persiese identiteit 'n deel uit van Iran se sagte-mag-projeksie en pogings om aan te sluit by voormalige gebiede van die Persianaat in Suid- en Sentraal-Asië, veral in Tadjikistan (Anderson 2019).

Khamenei het selde kommentaar gelewer op Iran se beleid dat opvoeding op skole en universiteite alleen in Persies mag wees. Hy het min aandag gegee aan klein groepe se regte of die marginalisering van Turkies, Koerdies, Arabies en Baloetsji in Iran (Moradi 2020; Ghanbari en Rahimian 2020). Sy benadering was meestal om die bydraes van proregime-aktiviste binne daardie groepe te prys ten einde hulle só aan die IRI te verbind. In die Islamitiese Republiek het die Persiese kultuur as die leierkultuur gegeld, een wat ook kon aansluit by die eeue oue kultuurkompleks van die Persianaat se elites.

4.4 Mistieke Islam

In sy jeug was Khamenei nie streng konserwatief wat sy vriendskappe, letterkundige smaak, kulturele aktiwiteite of religieuse sienings betref nie (Eshraghi en Baji 2010). Minstens twee van sy leermeesters in Qom, imam Khomeini en allameh Muhammad Husain at-Tabatabai, het mistieke tradisies in Islam aangehang en ernstig aandag gegee aan die filosofie van die geestelike Sadr al-Din al-Shirazi, ook bekend as moellah Sadra (Farhosh-Van Loon 2016).

Daarteenoor het 'n sogenaamde *Hadit*-stroming, wat steeds aktief is, interpretasies van Islam veroordeel wat verder gaan as die Qur'aan en die *Hadit*, die oorgelewerde spreuke van die Profeet Mohammed (Faghihi 2019). Khomeini se latere gedigte toon sterk mistieke invloede. Terwyl hulle soms die Irans-Irakse Oorlog en religieuse en politieke temas behandel, behandel hulle ook temas soos wyn ('n simbool van goddelike kennis), antinomianisme, liefde en rede, geestelike armoede, versluiering en dood of eenheid met die Geliefde (Knysh 1992).

Sowel Sadra as Khomeini dra die idee uit dat 'n perfekte mens se plig nie bloot bestaan uit onttrekking en persoonlike aanbidding nie, maar ook in die gemeenskap waar hy as 'n gids en leier dien. Beide het geestelike kennis en die mistieke weg nie slegs as 'n persoonlike saak beskou nie. Khamenei se siening van die rol van digters en digkuns in 'n gemeenskap stem ooreen met die idees van Sadra en Khomeini.

Die regime het weens politieke oorwegings sekere mistieke organisasies al vervolgt, en dit bekamp radikaal-utopiese Soefi-strominge. Khamenei het egter altyd mistieke Islam in die algemeen gesteun. Een van Khamenei se aanbevelings oor digters en emosies is om die voorbeeld van die klassieke Persiese digter Hafez te volg en 'n emosionele basis te gebruik om mistieke gedigte te skep (Khamenei 2010). In 1993 is die Sadra-Stigting vir Islamitiese Wysheid by dekreet van Khamenei gevestig (Iran's Book News Agency 2010). Nie alle geestelikes in Iran deel Khamenei se posisie oor mistieke Islam nie. Om digkuns met hierdie dimensies te bevorder sou dus ook die religieuse domein raak. Digkuns was daarby dikwels ook een van die beste middele om die grensgebiede van mistieke idees en verlangens uit te druk of 'n oomblik vas te vang.

4.5 Digtors, gevoelens en waardes

Vir Khamenei was en is digkuns belangriker as mag, rykdom of fisieke skoonheid. “God het jou ’n groot en eindelose sak juwele gegee,” het hy in 2011 aan religieuse digtore gesê (Khamenei 2011). Vir hom was die funksie van digkuns hoofsaaklik om die innerlike behoeftes van digtore te vervul. Digtore is sieners wat hulle delikate sintuie gebruik om die skoonheid, verruklikheid en werklikheid van die wêreld wat dikwels vir ander oë onsigbaar is, te soek, te vind en te vertoon. Digkuns is ’n geestelike geboorte waardeur digtore oor sekere begrippe en werklikhede kan besin en skep (Khamenei 2010; Khamenei 2014b).

Volgens Khamenei word digtore deur die opwinding, hartseer en visioene van die andersins onsigbare aangeraak. Dit is hoe hulle gedigte skep en komponeer. Khamenei het genoem dat hy nie van digtore verwag om nie hulle menslike gevoelens uit te druk of hulle melancholie oor die lewe te erken nie. Hy self het dit ook in sommige van sy gedigte gedoen en daarsonder sou digtore nie hulle verantwoordelikheid nakom nie (Khamenei 2013).

Nietemin behoort digtore nie onbeperk met hulle gevoelens om te gaan nie. Daar behoort perke van nederigheid en moraliteit te wees. Khamenei het oor jare die etiese verantwoordelikheid van digtore beklemtoon. Hy het al genoem dat die advies van ’n goeie gedig soos verfrissende water is wat al die selle van die liggaam verfris en dieptes van menswees raak (Khamenei 2011). In hierdie opsig het hy die “dekadente” werk van Forough Farrokhzad met die werk van ’n ander vrouedigter, Parvin Etesami, vergelyk. Khamenei het ook nie verwag dat digtore net religieuse of aktivistiese sosiale en politieke gedigte moet skep nie. Daar behoort egter ’n paar lae van rigtingaanduiding in ander gedigte te wees, byvoorbeeld deur twee sulke kompas-koeplette tussen vier ander koeplette te plaas (Khamenei 2010).

Khamenei het sy posisie ook gebruik om daardie strominge onder geestelikes wat kuns en gedigte as immoreel of sekulêr teengestaan het, te bestry. Hy het dit duidelik gestel dat Islam kuns nie net aanvaar nie, maar dit bevorder. Die doel van die Qur’aan, self ’n kunswerk, is om die tuin van opvoeding deur die boog van skoonheid te bereik. Gedigte deur geestelikes gewortel in Islam kon ekstra waardevol wees. “Al ons groot *oelama* (geestelikes) was digtore” (Khamenei 2015d; Khamenei 2016a).

4.6 Digtore as oortuigers

Volgens Khamenei het mense ’n persoonlike binnegebied wat dien as hulle dinktenk, die stoorplek van hul geheime, die setel van hulle belangrike besluite, en hulle kompas. Dit is waar hulle persoonlikhede en identiteite opgebou word. Digtore beset deur hulle digkuns ’n deel of ’n geheel van daardie gebiede by mense, en verfris dit met spiritualiteit en entoesiasme, energie en verdere ontwikkeling (Khamenei 2014b). Khamenei se stelling hieroor weerspieël nie net sy intellektuele insig nie, maar ook sy eie ervarings as ’n jong digter, aktivistiese geestelike en politieke gevangene.

Die invloed van digkuns op die politiek is hoogstens ten dele gekoppel aan die gehalte daarvan. Swak gedigte wat makliker verstaan word en resoneer, kan soms meer bydra tot die politiek as andersins beter gedigte. Ander vorme van kommunikasie en ander gebeure kan dalk dieselfde of ’n groter werking as digkuns op die politiek vertoon (Burt 2007). Digtore wat wel die Islamitiese Revolusie gesteun het, het voor en ná die Revolusie vanuit uiteenlopende, verskuivende en soms botsende visies op die digkuns hulle estetiese en politieke verbintenisse

gekombineer. Polities suggestiewe of duidelike tekens in hulle gedigte het ook krag verloor terwyl oënskynlik niepolitieke gedigte in 'n sekere konteks of ná sekere gebeure 'n politieke lading vertoon het (Alavi 2013).

Khamenei het gehamer op die potensiaal van digkuns as 'n invloedryke medium. 'n Goeie gedig het 'n onbewuste effek op die gehoor, weens die gekombineerde effek van kragtige woorde en klanke, interessante temas, vernuwende formulerings, en treffende vorme en ritmes. Aan Persiese koninklike howe is gereeld gedigte as liedere gesing, en Khamenei beskryf 'n lied ook as 'n hoogs effektiewe en evokatiewe gedig. Volgens hom is een goeie reël uit 'n gedig invloedryker as 'n uur se toespraak deur 'n orator (Khamenei 2012a).

Hierdie benadering het berus op sy ervaring as aktivis voor die Revolusie. “Ek het spesifiek gefokus daarop om die jeug van die Pahlavi-regime se kulturele juk te bevry. Daardie tyd het ek die juk ‘die onsigbare net’ genoem. Ek het jongmense destyds vertel dat daar 'n onsigbare net is wat elke mens in 'n spesifieke rigting trek. Ek wou soveel as moontlik van hierdie onsigbare nette vernietig en hulle bevry. Diegene wat uit hierdie intellektuele lokvalle bevry is – diegene wat geneig het na religie en imam Khomeini se idees – het 'n soort immuniteit ontwikkel” (Khamenei 2015c). In lesings gedurende 1976 wat later in sy boek *Islamic thought in the Quran* verskyn het, verwys Khamenei ook na die onsigbare net.

Die net is ook emosioneel van aard. Khamenei het somtyds genoem hoe die radio-uitsendings van Persiese en Azeri-gedigte en van voorlesings van gedigte deur digters wat die Irans-Irakse Oorlog se frontlinies besoek het, die harte en gemoedere van soldate beïnvloed het. Weens die uitwerking van video, die internet en ander media, moes digters egter ook sorg dra dat hulle nie in die openbaar gedigte aanbied wat mense kon uitlok om sektariese of etniese geweld te pleeg of die bloed van onskuldige vroue en kinders te vergiet nie (Khamenei 2013a).

4.7 Kulturele inval

Die begrippe van 'n kulturele inval – *Weste-verlieftheid* of *Weste-vergiftiging* – was sterk teenwoordig in Iran se politieke verhale lank voor die Revolusie in 1979 (Amineh en Eisenstadt 2007:131–2). Verskillende politieke rolspelers het die begrippe gebruik, selfs sjah Mohammad Reza Pahlavi. Khamenei het in hierdie tydperk etlike geestelike boeke geskryf, en minstens vier werke uit Arabies in Persies vertaal. Twee van hierdie boeke was uit die pen van die Egiptiese Islamitiese denker Sajjid Qutb. Qutb het indringende kritiek op die Westerse beskawing en kulture gelewer, soms gegrond op die werk van Westerse denkers wat alternatiewe vir Westerse moderniteit verken het (Calvert 2009:91–2).

In Oktober 1977 het die sogenaamde *dah shab*, of tien dae van voorlesings, deur 57 vooraanstaande digters in Tehran plaasgevind. Dit was in die aanloop tot die Islamitiese Revolusie in 1979. Met verwysing daarna het Ervand Abrahamian later genoem dat Europese revolusies in die 19de eeu dikwels in operahuse begin het, maar dat die Islamitiese Revolusie in leessessies van letterkunde begin het (Abrahamian 2009:16).

Ná die Revolusie was Khamenei prominent in die strukture en prosesse wat islamisering en gepaardgaande ontwestersing in opvoeding en die kunste bevorder het. In sy toesprake aan digters het Khamenei gewaarsku dat Westerse moondhede agter die fasade van geen sensuur nie ook hulle kulturele belange bevorder. Ook binne Europa was daar byvoorbeeld weerstand teen Amerikaanse films en ander vorme van kulturele aggressie (Khamenei 2006c).

Westerse moondhede wou die domein van Islam op sy knieë kry en voorkom dat die Sjia-gemeenskap en -leringe 'n model in die domein van Islam word. Hulle het volgens hom spesifieke nie-Westerse volke gekies en hulle kwesbaarhede met behulp van historici, sosioloë en sielkundiges bestudeer. Daarna het hulle die middele van kuns gebruik om die Westerse kultuur te bevorder. Waar Westeringe ook al gegaan het, het hulle die plaaslike kulture en identiteite en die wesenlike sosiale en ideologiese fundamente van die gasheerlande vernietig. Indien hulle te sterk weerstand teëgekrom het, het hulle plaaslike agente of skemas gebruik om hulle doel te bereik (Khamenei 2013a; Khamenei 2014a).

Volgens Khamenei is die kulturele identiteit van 'n volk 'n voorvereiste vir sy bestaan en 'n opslagplek van sy geestelike en kommunale wysheid. Kulturele identiteit het assimilasië en onderwerping voorkom, en digkuns het daardie identiteit versterk, verryk en gevoed. Sonder daardie kulturele identiteit sou die Islamitiese Revolusie volgens hom nie plaasgevind het nie (Khamenei 2014b).

Vir Khamenei, soos vir Khomeini, was dit dus belangrik dat kultuurskeppers (digters en skrywers wat nie as deel van hulle werk in die amptenary optree nie) die oorblyfsels verwyder van ondergeskiktheid aan vreemde kulture en norme wat 100 jaar geduur het. Afhangende van die konteks gebruik hy die terme *volk*, *nasie* en *kultuur* só inwisselbaar dat dit vir Perse, alle Iranse kultuurgroepe, Sjia-gelowiges en Islamitiese revolusionêres aanvaarbaar kon wees. “Nasionale waardigheid beteken dat 'n nasie trots is op sy eie tradisies en hulle moet respekteer. Dit beteken dat 'n nasie nie aandag gee aan diegene wat dink sy tradisies is reaksionêr nie ... Nasionale waardigheid beteken dat 'n nasie nie sy tradisies versaak as hy 'n vreemde kultuur teëkom nie” (Khamenei 2009c).

In Khamenei se toesprake is daar 'n merkbare klem op die belang van sielkundige en geestelike krag. Dit dien veral om die geloof te versterk dat Iran hom teen sterk vreemde moondhede kon handhaaf. As 'n volk sy moed, geloof, solidariteit, trots, selfopoffering, waardigheid en entoesiasme om te werk en te skep verloor, was hy kwesbaar genoeg sodat sy hulpbronne geplunder en hy self geassimileer of onderwerp word. Sy vyande het dit geweet. Digters, ook as belangrike mense in die samelewing, was volgens hom geroepe om 'n sleutelrol in die weerstand hierteen te speel (Khamenei 2004).

Die hoofvereiste vir die uitbouing van 'n nuwe Islamitiese beskawing was om nabootsing van die Weste te vermy. Khamenei het nie 'n abrupte kollektiewe beweging van vermyding gesteun nie, maar 'n inkrementele proses van kultuurwerk deur kunstenaars soos digters (Khamenei 2012b). Khamenei se uitsprake het wel kultuur vereng tot 'n Persies-oorheerste Sjia-Islamitiese diskoers, en daarmee die vele verskillende strominge in die Persiese, Sjia-, Islamitiese en multikulturele kultuurvelde in Iran hegemonies daaronder probeer saambondel.

4.8 Sagte oorlog

In Iran was daar vanaf 13 Junie 2009 vir maande politieke protes en onrus nadat Mahmoud Ahmadinejad die presidentsverkiesing op 12 Junie 2009 moontlik weens vuilspel gewen het. Die protesbeweging was die grootste sedert die Islamitiese Revolusie van 1979 en het die naam Groen Beweging verkry. Tydens 'n besoek as politieke ontleder aan Tehran en Shiraz in die tydperk 20–29 Junie 2009 was dit duidelik uit gesprekke en waarnemings dat die regime en veiligheidsmagte die gebeure as die grootste bedreiging vir hulle magsbehoud sedert die Irans-Irakse oorlog beskou. Verskeie Westerse en Iranse ontleders wat goeie professionele

bande met Westerse maatskappye en regerings onderhou het, is in hierdie tydperk agtervolg, geïntimideer of gearresteer (Alimagham 2020).

Die regime het na die onrus sy veiligheidsdoktrine en -strukture ingrypend hersien. Dit het die bedreiging van fluweelrevolusies soos in Oekraïne (2004) en Kirgizstan (2005) en sagte sielkundige oorlog deur die VSA hoër aangeslaan. Opleidingsmateriaal van die Basij-milisie het selfs die sienings van die ryk boweklas in Iran betwyfel. Uiteindelik is *sagte oorlog* as 'n begrip wat meer fokus op kultuur, uitgebrei na 'n wye kategorie wat interne sosiale en politieke opposisie insluit, asook kuberoorlogvoering (Ostovar 2016:188–90).

Iran moes, volgens Khamenei se siening, 'n beleëring deur propaganda weerstaan. “Vas nuus, bevooroordeelde ontledings, die omkeer van feite, die verberging van hoopvolle aspekte, die opblaas van klein probleme en die kritiek op, of ontkenning van, groot voordele deur die vyande van die Iraniër is voortdurend op die agenda van duisende oudiovisuele en internetgebaseerde media” (Khamenei 2019a). Rolspelers in Westerse state en Israel het die wêreld se kommunikasie-media oorheers en 'n sielkundige oorlog gevoer om persoonlikheid en die sin vir kulturele, nasionale en Islamitiese identiteit te vermorsel (Khamenei 2022). Dit is in die naam van die “internasionale gemeenskap” gedoen, maar dikwels was slegs die VSA en 'n paar Westerse moondhede betrokke en was daar interne teenstand daarteen in daardie state (Khamenei 2015a).

Baie Iranse intellektuele het volgens Khamenei nie die gevaartekens gesien nie. Digtors se verantwoordelikheid was om te leer om tussen vriend en vyand te onderskei te midde van al die onduidelikhede van die internasionale orde, om die werklikhede te verduidelik, om wysheid te toon, en om deel uit te maak van die legitieme weerstand teen die aanslag. Hulle moes dit alles in toepaslike kunsvorme uitdruk. Digtors moet die lewe en wysheid van die nasie verdedig. Dit is van groot waarde dat 'n nasie kan staatmaak op sy eie kultuur ondanks Westerse kulturele indoktrinering die afgelope 200 jaar. Deur aktuele sake in Irak, Sirië, Libanon, Palestina en ander state te dek, kan digtore weerstand lewer. Hy het digtore aangeraai om ook satire te gebruik, byvoorbeeld oor die insluiting van Saoedi-Arabië by die Verenigde Nasies se kommissie vir menseregte (Khamenei 2011; Khamenei 2016).

Saam met die begrip *versetseconomie*, wat slaan op weerstand teen Westerse sanksies, was verset teen die sagte oorlog 'n kernbegrip in Khamenei se denke. Die begrip *verset* is dikwels gebruik binne die raamwerk van imam Hossein se geveg teen die Oemajad-heerser Yazid en die gebeure by die Slag van Karbala op 10 Oktober 680, 'n sleutelgebeurtenis in die ontstaan van die Sjia-groepering binne Islam. Reeds Khomeini het die Slag van Karbala só geïnterpreteer dat dit wegstuur van die politieke neutrality of apatiese stroming wat lank binne Sjia-Islam oorheers het (Farzaneh 2007). Soos Khomeini, het Khamenei dit as die plig van elke Moslem beskou om imam Hossein te volg in sy stryd en martelaarskap om ongeregtigheid, onderdrukking en enige bedreiging vir die Islamitiese orde te beveg. Religieuse digtore en sangers gebruik die Karbala-idioom om by massabyeenkomste Iranse vegters in Irak, Libanon en Sirië en ook regime-ondersteuners in Iran te inspireer (Darse Karbala 2020).

Dit sou verkeerd wees om die kommer oor vreemde magte en onstabieleit in Iran net aan Khamenei, Khomeini en Islamitiese revolusionêre in Iran te koppel. Die Pahlavi-dinastie wat Iran vir die grootste deel van die tydperk tussen 1925 en 1979 regeer het, en die Qajar-dinastie in die 19de en 20ste eeu, het 'n sekere uitkyk gedeel. Die uitkyk sluit 'n diep wantroue teenoor wêreldmoondhede en die internasionale orde, 'n sterk geloof in die noodsaak van selfstandigheid, en die behoefte aan afskrikking en voortdurende verdediging in. Tensy Iran selfstandig

kon wees, sou hy na hulle mening uiteindelik te swak wees om buitelandse intriges en komplotte te weerstaan en hom teen vreemde bedreigings te beskerm. Volgens Tabatabai (2020:298–301) toon ’n noukeurige beoordeling van sleutelgebeure in Iran sedert die 19de eeu dat hierdie gevoelens van hulpeloosheid, vernedering en ’n gebrek aan eie agentskap weens buitelandse inmenging baie werklik was.

4.9 Leefstyl en Islamitiese beskawing

Khamenei het wyd in die Midde-Ooste, Afrika en Asië ’n belangrike rol gespeel om sterk bande tussen Sjiitiese politieke groepe in Irak, Libanon en Afganistan te bou. Binne die konteks van groot spanning tussen streeksmoonhdede en anti-Amerikaanse organisasies in Libanon en Palestina in 2006 en 2007 het Khamenei genoem dat verdeeldheid en wrywing of die uitlok van anti-Sjiitiese emosies slegs die VSA en Israel sou bevoordeel (Khamenei 2006b; Khamenei 2007a). Hy het reeds as aktivis en interne banneling in verskillende provinsies in Iran geleef, en as opperleier wyd gereis tussen die verskillende provinsies en gemeenskappe. Ook daar het hy die elites, denkers en digters aangemoedig om verdeeldheid en botsings tussen die volgelinge van verskillende Islamitiese denkskole en tussen Perse, Azeries, Koerde, Balotji’s, Lore en Turkmene in Iran te verhoed en hulle akademiese en artistieke energie te mobiliseer (Khamenei 2009b).

Khamenei se toesprake voor digters het ook die toestand van die globale Moslem-gemeenskap, die *oemma*, behandel. Hy noem dat die *oemma* homself lank verwaarloos het, moreel, intellektueel en wat wilskrag betref. Hierdie ontwikkelings het persoonlikhede verswak en die grond vir Westerse moonhdede se oorwinnings oor nasies en die val van die Islamitiese beskawing voorberei. “Die versuim, luiheid en gebrek aan selfvertroue van baie van ons politici en die gebrek aan verantwoordelikheid by ons kulturele elites was tot groot voordeel vir hierdie moonhdede. Die eindresultaat was die plundering van ons hulpbronne, die disrespek en selfs ontkenning van ons identiteit en die vernietiging van ons onafhanklikheid. [...] Ons moet ons innerlike hulpbronne ontgin en die verskuilde skatte in ons kultuurerfenis herwin” (Khamenei 2006a).

Tydens byeenkomste met buitelandse Moslem-digters het hy hulle verpligting beklemtoon om gedigte oor die Islamitiese herrysenis te skryf. Khamenei het die vermoë van sommige digters geprys om met gedigte snel op gebeure te reageer (Khamenei 2015b). Hy het ook Iran se burgerlike kernkragprogram tydens toesprake voor digters behandel, ook as bewys van wetenskaplike prestasie in Iran en die Islamitiese domein. Terwyl Khamenei verwys het na die bedreiging deur Westerse moonhdede, het hy ná die Arabiese Lente-opstande ook genoem dat die Westerse beskawing stadig aan die verval is en dat ’n volgende geslag die val daarvan sou meemaak (Khamenei 2013a).

Vanaf die begin van sy presidensie, het Khamenei in 1983 verklaar, het hy op Islamisering gefokus. Dit was volgens hom ’n moeilike en jare lange taak binne ’n nasie wat in ’n verwesterste of half-Islamitiese samelewing gefunksioneer het. Dit het beteken dat Iran se kulturele praktyke soos hulle deur kuns, letterkunde, gewoontes, rituele en die samelewing se geloofstelsel uitgedruk word, nuut gevorm moes word. By sy aanstelling as opperleier het Khamenei amptenare aangesê om die islamisering van die kulturele domein as ’n religieuse plig na te kom. Islamisering was ’n belangriker prioriteit as ekonomiese oorwegings (Hovsepian-Bearce 2016:338).

Volgens Khamenei is die “hardeware” om ’n nuwe Islamitiese beskawing te bou, die wetenskap, nywerheid, politieke mag, militêre mag en internasionale verhoudings. Die wese van die lewe is egter leefstyl, waarna lewenswysshede in Islam en Persiese digkuns verwys. Belangrike sake in hierdie verband was die familie; die huwelik; om baie kinders te hê; gedrag teenoor ouers, werkgewers, kollegas, vriende, vyande, en vreemdelinge; kostradisies, behuising en klere; sport; verbruikersnorme en produktiewe werk. Leefstyl was die “sagteware” van beskawing. Mense het verskillende gawes en daarom is vooruitgang multidimensioneel en ’n pad sonder einde (Khamenei 2012b). Volgens Khamenei het Iran in hierdie opsig nie baie vooruit gegaan om geestelike redding, vrede en veiligheid te behaal nie.

Vir Khamenei is gedigte en liedere wat alle dele van die bevolking deurdring, die draers van waardes en voorbeelde om mense te kultiveer. Volgens hom moet daar ook meer aandag gegee word aan gedigte vir kinders en tieners, ook opvoeding oor Islam, Iran en politieke wysheid (Khamenei 2013b). Hy vermaan digters meermale om gedigte en liedere oor aktuele gebeure te skryf wat so goed is dat jongmense hulle sou sing as hulle gaan kampeer of tydens seremonies en feeste saam verkeer (Khamenei 2012a).

In ’n tydperk waarin omgewingsaktivisme in Westerse lande sterk na vore getree het, het Khamenei steeds beklemtoon dat sorg vir die omgewing, bome en woude op ’n geestelike uitkyk gegrond is. Hiervoor het hy ook die digter Saadi aangehaal: “In die oog van die wyse is elke blaar van ’n groen boom ’n bladsy van kennis om God te verstaan” (Khamenei 2021). Sonder ideologie, kan mens geen beskawing bou nie, en daarsonder is diegene met mag en rykdom soos ’n roofdier met ’n vol maag.

In September 2022 het ’n protesveldtog in tientalle stede van Iran uitgebreek weens die dood van ’n jong Koerdies-Iranse vrou, Mahsa (Jina) Amini. Die Islamitiese Gidspolisie het Amini gearresteer omdat sy haar hoofdoek op ’n manier gedra het wat in stryd is met Iranse wetlike voorskrifte. Sy is later ná beweerde mishandeling deur die polisie dood (Vatanka 2022). Die gebeure het die betwisting van die huidige orde se simboliese grense en wanbestuur en die botsende uitkyk en belewenis van groot dele van die bevolking beklemtoon.

5. Beleidspraktyke en verskuiwings in die politieke orde

Khamenei se sienings oor digters en digkuns hou verband met die Persiese historiese erfenis, Persies as taal, mistieke Islam, kulturele imperialisme, die sogenaamde sagte oorlog, leefstyl en Islamitiese beskawing. Khamenei se denke oor digters en digkuns het oor jare gestalte gekry in wisselwerking met verskeie kulturele en politieke kragte en prosesse. Dit was ’n dinamiese wisselwerking wat etlike vorme aangeneem het, naamlik nuwe en hervormde instellings, prosesse van sensuur en uitsluiting, die voorkeur vir klassieke style en temas, televisie-seremonies vir jaarlikse voorlesings van gedigte, herdenkings van die Irans-Irakse Oorlog, en die gedenkseremonies vir genl.maj. Qasem Soleimani.

5.1 Instellings, keuring en uitsluiting

Sensuur, intimidasie en selfs die opsluiting van sommige digters het reeds onder die Pahlavi-dinastie die veld van digkuns gevorm (Hassani 2015). Tydens die veldtogte vir die Revolusie het die Sjah se teenstanders bestaan uit ’n wye front van mense met nasionalistiese, liberale,

Islamistiese, Marxistiese en ander idees, of soms ook nuwe ideekombinasies uit sulke strominge. Khamenei het in uitdruklike stellings 'n ruimte behou vir verskeidenheid en vir digters om hulle, as hulle dit so sou verkies, te weerhou van religieuse, aktivistiese sosiale of politieke gedigte. Hy het ook verwys na die spektrum onder digters, byvoorbeeld diegene wat hulle eie gevoelens en insigte voorop stel, diegene wat die Revolusie gesteun het maar nie van te veel dogmatisme gehou het nie, liberale humaniste, estete, sosialiste en Marxiste wat net vir die werkers geskryf het, en Islamistiese revolusionêre digters wat hedoniste geword het.

Ná die Islamitiese Revolusie is sekere denkers en digters egter op soortgelyke wyses as onder die Sjah ingeperk, uitgesluit of stilgemaak. Veral die Irans-Irakse Oorlog het aan die Islamistiese faksies die kans en redes verskaf om hulle andersdenkende bondgenote te verswak en seker te maak dat die staatsinstellings heeltemal onder Islamistiese beheer kom. Terwyl Khamenei ná die Revolusie en in die eerste oorlogsjare president was, is universiteite 'n tyd lank gesluit, verskeie akademiese leerplanne verbied, akademië ontslaan, die meeste filmteaters gesluit, en baie boeke en tydskrifte verbied (Karimi-Hakkak 2019).

Sowel binne as buite die burokrasie het Khamenei 'n rol gespeel om nuwe kultuursentra op te rig wat met regeringsteun tot parallelle instellings gegroei het. Instellings en rolspelers wat as kultuurvervaardigers 'n belangrike rol gespeel het om Khamenei se boodskap uit te dra, was die uitsaaidiens van die IRIB, wat direk aan Khamenei verantwoording doen, die Howzeh Honari, wat onder die Islamitiese Bevorderingsorganisasie val en deur die opperleier se kantoor gefinansier word, die Ministerie vir Kultuur en Islamitiese Leiding, vele geestelikes en Khamenei se woordvoerders.

Na die Groen Beweging van 2009 en die uitbarstings van protes oor die uitslae van die presidentsverkiesing, het die politieke verskille tussen verskillende faksies vergroot. Hierdie verskille het ook onder verskillende digters, van wie sommige reeds ontnugter was, na vore gekom. Digters en kultuurvervaardigers wat die regime goedgesind was, het minder sosiale en kulturele kapitaal gehad as sommige van die uitgeslote kunstenaars, wat makliker toegang tot internasionale gehore en die Iranse diaspora verkry het. Khamenei het, daarteenoor, die kanale van digkuns en seremonies gebruik om 'n groter alternatiewe ruimte vir digters en religieuse lofsangers wat die regime goedgesind is, te skep (Shams 2015b:231–8).

Die regime se kulturele instellings het 'n skeiding tussen ingewydes (*khodi*) en buitelanders (*gheyr-e khodi*) in stand gehou, maar vir individuele digters kon die skeidslyn weens tyd, plek en omstandighede verander (Bajoghli 2019:78–82). 'n Digter wat deur Khamenei vereer is, is byvoorbeeld later tronkstraf opgelê weens latere politieke kritiek (Esfandiari 2019). Khamenei het somtyds sy innige simpatie in die openbaar betuig nadat digters wat hy gerespekteer het, gesterf het, ondanks hulle latere politieke ontnugtering. Quasar Aminpur was een voorbeeld (Khamenei 2007). In die geval van ander digters en kunstenaars het Khamenei hom daarvan weerhou. Ná die dood van die gewilde sanger Mohammad Reza Shajarian in 2020 het hy na 'n pouse een van sy adviseurs simpatie laat betuig (IFilmTV 2020). Iranse gehore het dikwels Sharajian se vertolking van die lied “Morq-e sahar” (Voël van die daeraad), waarvan die lirieke op 'n protesgedig van Morteza Neidavoud en Mohammad-Taqi Bahar berus, as 'n indirekte gebaar van protes verwelkom of versoek.

5.2 Style en TV-seremonies

In die aanloop tot die Islamitiese Revolusie in 1979, toe die Sjah gevlug het en die ajatolla Khomeini uit ballingskap sou terugkeer, het 'n beroemde halfvers van die Middeleeuse Persiese digter Hafez 'n revolusionêre spreuk en lied geword: “Wanneer die demoon vertrek, sal die engel verskyn” (Karimi-Hakkak 2019:29). Khamenei en sy mede-Islamiste wou hulself sedert die Revolusie onderskei van veral die meer Marxisties-gesinde denkers en digters van voor die Revolusie. Een van die maniere waarop hulle dit gedoen het, was om weg te beweeg van modernitiese en losser digstyle. Persiese digkuns van ná die Revolusie is dikwels gekenmerk deur klassieke digvorms en verwysings, klassieke temas en beelde, en sinspelings op aktuele sake (Shams 2015b).

Khamenei het, soos genoem, tydens die Irans-Irakse Oorlog van 1980–1988 aktief digters, digkuns en gediglesings deur verskillende media bevorder. Tydens sy presidensie (vanaf 1989) het hy periodieke byeenkomste met digters gehad. In die laat 1990's het die byeenkomste 'n meer formele vorm begin aanneem. In Khamenei se teenwoordigheid het seremoniële geleenthede plaasgevind wat oor die staatstelevisie uitgesaai is, soos die jaarlikse nagte van voorlesings van gedigte op die 15de dag van Ramadaan en van religieuse lofsange en elegieë (Shams 2015a; Shams 2015b).

Hierdie geleenthede het optredes deur 'n paar satiriese digters ingesluit wat op sosiopolitieke gebeure kommentaar gelewer het, en Khamenei het soms voor die kameras uitgebars van die lag. Gedigte, meestal in klassieke vorm, het religieuse temas, streeks- en plaaslike sosiopolitieke kwessies, persoonlike emosies soos eensaamheid en liefde, en veral die Irans-Irakse Oorlog gedek. Shams het 'n goeie beskrywing van die gebeure, waarvan ook opnames op YouTube bestaan, verskaf (Shams 2015a; Shams 2015b).

In voor-Islamitiese tye is daar verwag dat digters by die howe van heersers mense se denke stimuleer deur wysheid in gedigte te formuleer. Onder Khamenei het die heerser digters 'n soortgelyke platform gegee, ook met riglyne oor watter wyskede in digkuns geformuleer behoort te word, of nie. Die regime se riglyne is nie net op idees en indirek op style afgestem nie. Khamenei noem byvoorbeeld uitdruklik dat negatiewe gevoelens oor die toekoms, religie of Iran nie in gedigte ingesluit moet word nie (Khamenei 2013a).

5.3 Oorlogsherdenkings

Tydens die Irans-Irakse Oorlog het die meeste Arabiese moondhede hulle by Irak geskaar, terwyl streeks- en groot moondhede die strydende partye teen mekaar afgespeel het. Die nuwe revolusionêre bewind in Iran het geldelike en intellektuele beleggings gemaak om die ideologiese verhale tydens en ná die oorlog te vorm. Khamenei het byvoorbeeld tydens die Irans-Irakse Oorlog 'n belangrike rol gespeel om kulturele aktiwiteite in die algemeen, en spesifiek digters en voorlesings van gedigte, in te span om Iranse soldate te motiveer en te mobiliseer. Tydens hierdie fase, ook deur sensuur en ander onderdrukkende maatreëls, het republikeinse digters die hoofstroom van digkuns in Iran begin vorm (Gielsing 1999; Farzaneh 2007).

Die oorlog in die 1980's, eerder as die Revolusie, het die stigtingsmite van die Islamitiese Republiek geword. Tydens die oorlog is vreedsame Middeleeuse mistiese gedigte oor wyn en eenheid met die Geliefde gebruik om krygsdade en martelaarskap aan te moedig en te regverdig. Films soos Morteza Avini se *Ravayat-e Fath* of *Verhale van oorwinning* het oorlog as 'n

lewenslange geestelike reis uitgebeeld (Seyyed-Gohrab 2021). Uiteindelik het die Islamitiese Republiek se oorlogsdigters verwysings uit die *Sjahnameh*, die digter Ferdowsi se epos oor konings en stryd in Iran, gebruik om die Iranse nasie se voorrang te beklemtoon (Shams 2015b:155–60).

Jaarlikse herdenkingseremonies en films het baie verwysings bevat na oorlogtydse en nuwe gedigte oor antiimperialisme, patriotisme en die Heilige Verdediging van die Sjia-domein teen ongelowige vyande. Volgens Khamenei het die oorlog verhewe houdings en kultuurwaardes vergestalt, soos geestelikheid, geloof, idealisme, opoffering, weerstand teen vreemde onderdrukkers en die ontplooiing van talent en skeppingskrag. Die taak van die regime se kultuurprodusente het egter sedert die 2000's moeiliker geword. Groot dele van die bevolking en nuwe geslagte het nie die verhale van dekades tevore verstaan nie (Bajoghli 2019). Daarby het hoë inflasie, semiwerkloosheid en werkloosheid, ekonomiese wanbestuur en die gevolge van jare se Amerikaanse sanksies geloofwaardigheidskrisisse, protes, faksiegevegte en swak uitvoering van beleid allerlei bedenkinge oor die regime by baie burgers laat ontstaan.

Daar was 'n toename in belangstelling in Iran se voor-Islamitiese erfenis onder jonger generasies, soms in kombinasie met idees en simbole rakende sekularisme, burgerregte of selfs elemente van Zoroastrianisme. Antieke Persiese name is aan kinders gegee (Abdolmohammadi 2015:10–4). Satelliet-TV, die internet en selfs kletsrym het baie van hierdie idees versprei, wat ook in die Groen Beweging steun geniet het. Digtors buite regimekringte het die behoeftes aan 'n ander toonaard in die alledaagse lewe en politieke orde verwoord, een wat weg van die klem op streng sosiale inperkings, stryd en Sjia-martelaarskap na sosiale vryhede en 'n viering van die lewe beweeg.

5.4 Sjia-gesinde nasionalisme en die regime se veiligheid

Na die Groen Beweging en die verkiesingsonrus in 2009 het weerstand teen die “sagte oorlog” en hernude kunswerke oor die Iran-Irakse Oorlog vir Khamenei en die regime se legitimiteit belangrik geword. Terwyl Khamenei 'n balans tussen die Iranse nasie en Sjia-Islam voorstaan, word dele van Iran se bevolking die afgelope jare meer geroer deur denkbeelde wat aansluit by die voor-Islamitiese Persiese erfenis en Iranse nasionalisme. Sedert 2009 het kultuurprodusente onder mekaar bly debatteer oor hoe om openbare steun vir die regime te handhaaf en te vergroot, en hoe om die weerklank van hulle skeppings onder die publiek te versterk (Bajoghli 2019:5–16; Alimagham 2020).

Hierdie debatte het plaasgevind in die konteks en nasleep van Mahmoud Ahmadinejad (2005–2013) se presidensie. Daar was 'n opkoms van 'n nuwe geslag politici wat dikwels tydens die oorlog nog jong vegters was, en 'n opkoms van 'n Sjia-gesinde nasionalisme. Die Sjia-gesinde nasionalisme het Sjia-Islam nou met Iran verbind en Soenna-Islam met Arabiese chauvinisme gekoppel. Dit het ook Iran se aanvaarding van Sjia-Islam gesien as 'n teken van die unieke kulturele eienskappe van Iran (Litvak 2020). Die regime se beskerming van Iran as nasie en sy gebied het 'n kerntema geword wat meer weerklank onder die nuwe geslagte van die bevolking gevind het.

Die regime se leiers probeer dit doen deur hulself nie net voor te stel as Islamitiese revolusionêre nie, maar as die handhawers van 'n Persiese Sjia-kultuur en verdedigers van Iran as 'n nasie tydens die Irans-Irakse Oorlog en sedertdien. Hulle beeld die regime uit as die enigste een in die afgelope 200 jaar wat, anders as korrupte en despotiese heersers, nie gebied

aan vreemde magte afgestaan het of kulturele vervreemding of assimilasië aanvaar het nie (Bajoghli 2019:102–4).

Terselfdertyd ontwerp en ontplooi politieke elites in Iran ook Islamitiese en nasionalistiese ideologieë vir politieke voordeel. 'n Ideologie dien om identiteit en solidariteit te vestig of te versterk, onsekerheid en kompleksiteit te verminder, en 'n gevoel van eksistensiële veiligheid en betekenisvolheid te verskaf. Ideologie vorm ook 'n diverse hulpbron om 'n alliansie met rolspelers wat mag legitimeer of help afdwing, te handhaaf. Volgens Mohammad Tabaar word ideologie selektief gebruik, verander, betwis of heronderhandel om in te pas by die relatiewe magsverspreiding en die elites se posisie binne die politieke orde (Tabaar 2018:30–1).

Die regime se nuwe benadering slaag net ten dele daarin om die politieke afvalligheid teen te werk of 'n positiewe emosionele weerklank onder burgers te wek. Dit skep ook die risiko dat sekulêre of nie-ideologiese Sjia-rolspelers die nasionalistiese diskoers kan kaap (Tabaar 2019:297). Die boodskap is egter hernu binne die hedendaagse verband van groot onstabiliteit, invalle, terrorisme, rebellies en burgeroorloë in Irak, Sirië en elders in die streek. Die groot emosionele weerklank van so 'n boodskap onder Iranse burgers kan maklik deur kommentators in verre en relatief stabiele omgewings onderskat word.

5.5 Qasem Soleimani as simbool

Die Islamitiese Revolusionêre Wagkorps het na die 2000's toenemend belangrik vir Iran se nasionale veiligheid geword, maar ook in sy buitelandse beleid, ekonomie en as beskermmer van Khamenei en sy regime. Kultuurvervaardigers, wat as beroep die dominante ideologie bevorder, het die Korps se beeld herskep. Die Korps se beskerming van Iran se grense, byvoorbeeld in die Persiese Golf, 'n belangrike verdedigingsgebied, het 'n verenigende simbool geword (Matthee 2010; ShiaTV 2018).

Die kultuurvervaardigers het uiteindelik met regeringstoestemming die kollig laat val op genl.maj. Qasem Soleimani, 'n dekades lange vertroueling van Khamenei. Soleimani, wat as jongman 'n vrywilliger in die Irans-Irakse Oorlog was, was hoof van die Korps se Quds-mag, wat 'n sleutelrol gespeel het om die Soenna-Islamitiese ISIS (Islamitiese Staat van Irak en Sirië) te verslaan. 'n Foto van Soleimani het op die voorblad van die Amerikaanse *Newsweek* van 5 Desember 2014 verskyn onder die opskrif "Nemesis. First he fought America. Now he's crushing ISIS." Soleimani was 'n bekwame en gewilde bevelvoerder wat ontberinge en risiko's met sy manne gedeel het en mense in die openbaar as nederig en toegewyd getref het. Hy het steun in die meeste politieke faksies in Iran geniet, maar is gehaat of teësinnig gerespekteer deur sy Westerse teenstanders (McCrystal 2019).

Op 3 Januarie 2020 is Soleimani en 'n bondgenoot, die Irakse milisieleier Abu Mahdi Muhandis, in 'n Amerikaanse hommelaanval in Bagdad, Irak gedood. Die Amerikaanse president, Donald Trump, het 'n dag later op Twitter gedreig om ook Iran se eeue oue kulturele monumente te vernietig. Sulke optrede sou 'n misdaad ingevolge die internasionale reg uitgemaak het, maar Europese moondhede het nie die uitspraak veroordeel nie (Warmesley 2020). In Iran het hierdie aksies en versuim gewig verleen aan Khamenei se uitsprake oor 'n sagte oorlog en die bedreiging deur sterker vreemde magte.

Ná die aanval op Soleimani is sy ring en 'n boek met gedigte wat hy by hom gedra het, op die toneel gevind. Die nag na sy dood het digters hom tydens 'n byeenkoms in Tehran herdenk.

Volgens die BBC en France 24 het miljoene mense sy begrafnis bygewoon, die grootste een in Tehran sedert die dood van ajatolla Khomeini. Die begrafnisstoet het ook die meeste groot stede in Iran en Irak aangedoen: Ahvaz, Qom, sy tuisstad Kerman, Mashhad, Bagdad, Najaf en Karbala. In Tehran het Khamenei die gebede gelei en oor Soleimani se lyk gehuil. Op televisie is temas van nasionale trots en verzet soos tydens die Irans-Irakse Oorlog gekombineer met temas van religieuse martelaarskap en 'n mistieke strydersreis.

Na Soleimani se dood is YouTube-video's waarin hy mistieke oorlogsgedigte voorlees, wyd versprei (Fassihi 2020; YouTube 2021). Openbare byeenkomste het plaasgevind waarop gedigte wat aan hom gewy is, voorgelees is. In Januarie 2021 en 2022 is verskeie herdenkingsbyeenkomste vir Soleimani tydens die sogenaamde Internasionale Gedigte se Nagte van Verzet gehou. Die gebeure is deur belangrike kulturele figure en digters uit verskillende lande van die streek bygewoon.

Simfoniese gedigte of toondigte om Soleimani te herdenk is onder die vaandel van die Tehranse Munisipaliteit se Kuns-en-kultuur-organisasie gekomponeer en deur die orkes van die IRIB uitgevoer. Een so 'n gedig is getiteld "Sardar" (Bevelvoerder). Dit bestaan uit ses bewegings, met 'n gedig wat in die derde beweging gesing word. Die gedig begin met twee reëls wat ook op die album se buiteblad verskyn: "Jou krete is die swaarde van die strydoggend, op vreesaanjaende nagte is jy wakker met die maan tot sonsopkoms." Die gedig verwys na Soleimani se agtergrond as 'n seun van boere in Kerman, met sinspelings op veldslagte in die Qur'aan, 'n beeld van Jesus wat duiwe uit sy hand laat vlieg, van Soleimani as die draer van hoop, en die mistieke vereniging met God (IFilmTV 2022).

'n Ander simfoniese gedig, "Arvand", wat die soldate van die Irans-Irakse Oorlog herdenk, is ook tydens 'n groot herdenkingseremonie vir Soleimani in Januarie 2022 uitgevoer. Soleimani was tydens die oorlog deel van oorlogsoperasies aan die Arvand-rivier tussen Iran en Irak. In Februarie 2021 het die IRIB ook 'n simfoniese gedig bekendgestel, getiteld "Die helder pad", wat Khamenei se toespraak oor die "Tweede Fase van die Revolusie" gedenk. Khamenei het dit op 11 Februarie 2019 by die 40ste herdenking van die Islamitiese Revolusie gelewer (*Tehran Times* 2021).

Kulturele en religieuse simbole, praktyke, idees en vaardighede bied kragtige en duursame bronne vir die regime in Iran. Na 'n groter mag se aanslag op 'n sleutelbeskermer van Iran, kon kultuurprodusente, amptenare en politieke leiers hul keuses uitoefen en deur digkuns vir die burokratiese en materiële swakhede in die politieke orde probeer vergoed. Sodoende is tydens 'n krisismoment solidariteit na binne en onversetlikheid na buite vertoon.

Soleimani self is nadoods tot nasionale held én Sjia-martelaar omvorm. Hoewel die Iranse nasie se beskerming 'n tema is, is die afwesigheid van aansienlike verwysings uit die voor-Islamitiese Persiese kultuurdomein of sterk nasionalistiese uitings by al drie toondigte nietemin duidelik. Daarteenoor is daar volop verwysings na die transendente oorsprong en doel van die politieke orde in Iran. Dit weerspieël die balans wat Khamenei se denke tussen hierdie elemente probeer handhaaf sodat sekere vorms van nasionalisme, nie-Islamitiese Persiese identiteit of utopiese Sjia-strominge nie die regime se houvas verswak nie.

5.6 Anderkant hierdie orde

Dit sou Khamenei se huidige oortuigings en praktyke ten opsigte van digkuns verwing om hom net vanuit sy posisie as opperleier te beoordeel. Hy het reeds van jongs af 'n belangstelling in digkuns, en is self 'n digter. Akademici wat krities teenoor hom en sy regime staan, verwys meermale na sy gebrekkige rekord as digter. Hulle verswyg dan meestal dat hy reeds vir jare, soos Van Wyk Louw dit gestel het, stry om ook die geestelike lewe van sy volk te verhef (Steyn 1998:147). Dit is ten minste hoe hy dit self beskou. Daarby is die historiese rol van geestelikes binne gemeenskappe in Iran om ook langs die heerser of weg van die heerser só 'n rol te vervul.

In teenstelling met Shams (2015b) sien ek nie Khamenei se benadering tot digkuns en verwante beleid as 'n vorm van nostalgie nie. Sy beleid behels eerder 'n herkombinasie van historiese en huidige bronne van kultuur en skeppingskrag, soms deur outokratiese metodes. Die emosionele fokus is nie op die verlede nie, maar op die erkenning van die transendente oorsprong en doel van die politieke orde, die bevryding van kultuur en politiek van vreemde oorheersing, en die vervolmaking van Sjia-mans en -vroue tydens hulle geestelike reis op aarde.

In Iran word 'n tweedeling of teenstrydigheid tussen die streng Islamitiese geestelike na buite (*zاهر* of *ashkhar*) en die mistieke digter in die innerlike domein (*baten* of *naham*) in kulturele praktyke erken. Die tweedeling kan 'n bron van skynheilighede, versluiering van slegte of onaangename sake of suksesvolle oorbruggings van teenstrydighede vorm (Amanat 2017:22).

Op Khamenei se amptelike webwerf het daar tot verlede jaar 'n grafiese uiteensetting van sy sienings oor digkuns en die verantwoordelikhede van digters verskyn, met 'n prominente plek vir die "Ewige kant van digkuns". Terwyl 'n digbundel van Khomeini eers nadoods verskyn het, het Khamenei tot dusver verkies om sy gedigte meestal privaat te hou. Een gedig van Khamenei wat onlangs openbaar gemaak is, 'n klassieke ghazal-sonnet met 'n ritmiese metrum in Persies, benoem wel van die temas en gebruik van die terme uit Persiese mistieke digkuns (Asharq al-Awsat 2018), hier onder vrylik vertaal:

Die klankkabaal in my ontstig my
As ek maar uit my selfverstrengeling kon ontsnap
Pluk my hier en daar soos 'n strooihalm
Obsessie met dít en dát, wispelturigheid van die self
Ek het my kloue in my bloeiende hart geslaan
Soos 'n wolf het ek my eie trop aangeval
By tye is ek suiwer wyn, by tye doodsgif
Ek huil vanuit die kunsmatige mengsel wat ek is
Ek is 'n kind wat my kop op die rok van liefde lê
Hoopvol dat die wiegeliëdjie my van my ego sal verlos
Ek is dronk, heeltemal weg, Amin,
Gedagtelos oor wat was en is
Van wie kan ek regstelling vra vir die onreg my aangedoen?

Dit is baie moontlik dat meer inligting oor Khamenei se lewe en praktyke wat hierdie persoonlike sake betref, eers wanneer Khamenei nie meer die opperleier is nie, openbaar sal word. Khamenei se eie sienings oor digkuns en gedigte sou dan anderkant ortodokse interpretasies van Islam en 'n nasiestaat kon dui op 'n wyer en gelaagde politieke en spirituele orde in Iran en Islam, of nuwe verbande tussen deelname aan die kulturele en politieke lewe

en die transendente. In die lig van Khamenei se eie omgang met Persiese digkuns en mistieke Islam tot dusver kan so 'n moontlikheid nie uitgesluit word nie.

6. Gevolgtrekkings: raakpunte van digkuns en politiek

Kulturele en religieuse simbole, praktyke, idees en vaardighede lewer kragtige en duursame bronne vir die regime in Iran op. Om Khamenei se bevordering van Persiese digkuns net, of hoofsaaklik, aan die regime te koppel, sou egter belangrike aspekte van sy sienings oor digkuns verhol. Die persoonlike is in hierdie geval ook polities. Lank voordat Khamenei polities aktief was, is hy deur digkuns aangegryp en het hy self gedigte begin skryf. Vir Khamenei is sy denke oor digters en digkuns se rol binne die politieke orde nie net 'n teoretiese beoordeling nie. Dit is gewortel in sy persoonlike ervarings as jong digter en as aktivis teen die Pahlavi-monargie, ook tydens gevangenskap en marteling.

Die bevordering van digkuns was deel van Khamenei se bydrae as revolusionêre aktivis en politieke leier. Khamenei, 'n ingetoë persoon en versigtige besluitnemer, geniet nie die politieke charisma, die status as senior geestelike of die historiese rol van Khomeini as leier van die Revolusie nie. Bedoeld of nie, sy bevordering van Persiese digkuns tydens sy opperleierskap dien as 'n ekstra bron van legitimititeit en gesag onder die mededingende politieke faksies en onderskei hom van Khomeini.

Digkuns staan vir Khamenei sentraal in die oordrag, behoud en vernuwing van 'n religieuse en politieke gemeenskap se tradisies. Digkuns kan sekere historiese kulturele prestasies op die rekord plaas, selektief erken of weer in herinnering roep. Digters moet die lewe en wysheid van die kultuurgroep of nasie verdedig, help weerstand bied teen kulturele invalle, en 'n selfstandige kulturele identiteit help vorm en handhaaf. Hulle moet die innerlike hulpbronne van 'n kultuur ontgin en die verskuilde skatte in 'n kultuurerfenis herwin. Dit moet daarby die "sagteware" van 'n beskawing, sy leefstyl, help verbeter.

Digkuns vervul volgens Khamenei se voorskrifte hierdie rol deur 'n spesifieke revolusionêre ideologie te bevorder of nie teen te spreek nie. Khamenei het die status van revolusionêre geestelikes onder intellektuele in die tydperk ná die Sjia bevorder. Hy het ook die kulturele rol van digters bevestig en die posisie van religieuse digters verhoog. Sekere digters is toegelaat tot die klas van amptelike kultuurprodusente, wat 'n teenwig en alternatiewe ruimte bied teenoor daardie kultuurprodusente wat regime-kritici is en Westerse steun kry. Ten spyte van die weerstand van sekere geestelikes is die posisie van kuns, mistieke Islam en aktivistiese Sjia-doktrines binne Sjia-Islam gekonsolideer. Khamenei het binne die produktiewe stelsel van mag waarna Melucci verwys, die reëls van die spel hervorm.

Die outokratiese elemente van Khamenei se bewind staan in groot spanning met sy beoogde kulturele opheffing, omdat dit skeppende digters uitsluit wat regime-krities is en hulle soms deur sensuur, intimidasie en gevangenisstraf die swye oplê. Politieke aspekte van digkuns, eerder as skoonheid, dien as 'n sterker maatstaf van waarde. Die regime beïnvloed die aanbod van digkuns, maar ook die vraag daarna. Iran se digters word ingeperk wanneer hulle een van die oorlewingsfunksies van digters in 'n kultuur uitoefen, naamlik om emosies konkreet, figuurlik en metafisies te deurdink.

Khamenei probeer om persoonlikhede as politieke subjekte en 'n gevoelsgemeenskap te ontwikkel tot betroubare steunpilare. Hy skryf dus voor dat digkuns sekere temas, twyfels en emosies moet vermy. Televisie-seremonies vir die jaarlikse voorlesings van gedigte, die herdenkings van die Irans-Irakse Oorlog, en die gedenkseremonies vir Qasem Soleimani het digkuns ook in die bevolking ingedra. Daarmee is gepoog om enige spanning te oorkom wat moontlik tussen digters as 'n kulturele elite en die Revolusie se aandag aan die “gewone volk” en republikeinse instellings kan ontstaan. Terselfdertyd het hy sy bondgenootskap met die Revolusionêre Wag as bewakers van die regime en die organisatoriese stelsel sodoende verstewig.

Veral die oortuigingskrag en emosionele uitwerking van digkuns maak dit 'n kragtige medium, en in Iran word dit al eeue lank dikwels in die vorm van sang aangewend. Gedigte en liedere kan alle dele van die bevolking deurdring; waardes, voorbeelde en insigte oordra; en denke en gevoelens ontlok om mense se identiteit en selfbeeld te vorm en te hervorm. Die kollektiewe intensiteit van seremonies met Sjia-lofsangers en treurdigters wat Iranse vegters en hul bondgenote in Irak, Libanon en Sirië aanmoedig, is opvallend. Die simboliek van Qasem Soleimani se lewe en dood as nasionale held en Islamitiese martelaar word ook deur digkuns prominent uitgedra.

Sedert die Islamitiese Revolusie berus die politieke orde in Iran op Islamitiese instellings, waaronder die opperleier en die verkose Republikeinse instellings. Daarteenoor het die historiese model van Persiese koningskap berus op die balans tussen 'n heerser wat as die skadu van 'n godheid op aarde regeer het en 'n paar senior geestelikes wat die goddelike weg aandui. Beide rolspelers het geestelike gesag geniet, maar net die heerser het werklike mag uitgeoefen. Die vernaamste geestelike in Iran het nou formeel die hoogste religieuse gesag, maar oefen ook die meeste mag uit. Tans dien die Persiese digkuns, soos by die historiese konings, om die legitimititeit van Khamenei se heersersrol te versterk.

Khamenei se uitdruklike wens is dat die Islamitiese Revolusie, die Irans-Irakse Oorlog en die Islamitiese Republiek van Iran in die geskiedenis deur digkuns onthou sal word en behoue sal bly. Die regime het gedeeltelike sukses behaal daarmee om die stigtingsmite, die simbole en die subjekte van 'n nuwe nasie wat deur die Revolusie en oorlog ontstaan het, onder die nuwe geslagte te vestig. Soos Sartwell (2010) noem, kan die politieke orde en sy werking nie sonder aandag aan sy estetiese aspekte verstaan word nie. Iranse digters en burgers gaan egter op uiteenlopende en eiesoortige wyses met hierdie erfenis om, sowel diegene wat die regime steun as diegene wat teenstanders is en juis uit digkuns vertroosting put terwyl hulle swaarkry.

Die fokus in die literatuur op Khamenei se posisie as opperleier kyk 'n sleutelaspek mis, naamlik die invloed van sy ervarings as jong geestelike en revolusionêre aktivis. Hy het dit beleef dat die politieke gemeenskap in Iran só diep verdeeld was tussen verskillende botsende visies en strewes dat dit bykans verskillende politieke wêrelde genoem kon word, en dat hy en ander Khomeini-aanhangers 'n opdraande stryd teen 'n sterk staatsmasjinerie en veiligheidsmagte gevoer het. Hy het ook agtergekom hoe digkuns selfs toe gebruik kon word om die gesag van die sjah se bewind oor mense te verswak.

Wanneer Khamenei met digkuns en ander middele 'n betroubare gevoelsgemeenskap bevorder, is dit om die huidige bewind se staatsinstellings te steun. Dit stel sig dit egter ook ten doel om, as sy greep op die staat te veel verswak, 'n kleiner kultuurbasis, nuwe kultuurpolitieke gestaltes en 'n nuwe formasie van mag en betekenis na te jaag. Só 'n groepering kon die voorhoede van

'n sterk faksie binne die bestaande orde of selfs 'n opvolger-orde probeer vorm. Digkuns kon, soos dikwels in Iran se geskiedenis, as 'n begeleier dien, maar ook as 'n voorloper en 'n onderskeidende deel van nuwe politieke ondernemings.

Digters en digkuns speel dus 'n besondere rol om die politieke orde van die Islamitiese Republiek van Iran te vorm, te handhaaf en te bou. Digkuns en kultuursimbole en -vaardighede dien as bronne om die regime se legitimititeit en gesag te versterk. Hulle onderskraag die kombinasie van geestelike en politieke leierskap in die amp van die opperleier. Digkuns en verwante instellings bied ook 'n kanaal vir die opperleier om sy posisie binne die kringe van die kulturele, militêre en politieke elites te versterk en die kulturele veld te hervorm.

Digkuns speel 'n rol by politieke beïnvloeding en sosialisering en by die vorming van politieke subjekte. Terselfdertyd bied seremonies en digkuns maniere waarop die regime by die bevolking aansluit en 'n politieke gemeenskap handhaaf. Die gebruik van digkuns en keuses daarvoor binne die politieke orde hang meermale saam met die oorwegings van faksiestryde en veranderende omstandighede. Deur digkuns word soms ook gepoog om vir burokratiese, materiële en ideologiese swakhede binne die politieke orde te vergoed.

Digkuns vorm 'n deel van Iran se sagte mag en wyer identiteitskompleks in sy buurstreke, wat as 'n teenvoeter vir Westerse kulturele en politieke invloed dien. Khamenei het selfs 'n uitgesproke versugting dat Persies as taal van wysheid en wetenskap, en Iran as Sjia-nasie, sodoende 'n leiersrol in die Islamitiese wêreld sal verwerf. Digkuns vorm dus deel van die dinamiese wyses waarop die Islamitiese Republiek van Iran polities voorgestel en bedryf word.

Khamenei en die regime se hulde aan die klassieke Persiese digkuns en die vernuwing uit die klassieke erfenis verbind vorige en hedendaagse geslagte en faksies. Dit vorm ten minste potensieel 'n lossere en diverse gemeenskap wat binne en buite die regime se reëls oop staan vir simbole, wysede en emosionele vorming vanuit daardie erfenis. So 'n gemeenskap kan andersins teenstrydige elemente in die kulturele kompleks herkombineer en 'n kulturele en politieke groep of orde nuut verbeel.

Juis onder die klassieke Persiese digters vind mens idees wat Khamenei dalk privaat huldig maar nie in sy openbare rol verkondig nie. Hafez meen byvoorbeeld dat geen sosiale of politieke ideale die spektrum van menslike verlangens kan bevredig of die teenstrydige dimensies van die lewe kan orden nie. Hy maak ook deel uit van 'n string klassieke en moderne Persiese digters wat mense maan om juis weg van groot magshebbers en skynheilige geestelikes te leef en niekonformisties en in balans hul aardse en spirituele paaie te bewandel.

Binne en verby 'n enger gevoelsgemeenskap kan digkuns alternatiewe visies laat verrys en die betekenishorison laat verskuif. In die geval van hedendaagse Iran neem die geleentheid daarvoor vanweë etlike faktore toe. Daardie faktore sluit die groter gewildheid van elemente uit die voor-Islamitiese Persiese erfenis en die Iranse nasionalisme, nuwe digters, die groeiende diaspora van Iranse gemeenskappe en kulturele kanale, ekonomiese swakhede in Iran en politieke ontevredenheid onder dele van die bevolking in. 'n Wisselwerking tussen digkuns, gebeure en kulturele en politieke kragte kan ander stemmings en energie in 'n politieke gemeenskap skep en die netwerk van instellings nuut besnaar.

Bibliografie

- Abdolmohammadi, P. 2015. *The revival of nationalism and secularism in modern Iran*. LSE Middle East Centre Paper 11.
- Abrahamian, E. 2009. The crowd in the Iranian Revolution. *Radical History Review*, 105:13–38.
- Ahmed, S. 2016. *What is Islam? The importance of being Islamic*. Princeton: Princeton University Press.
- Alavi, S.J. 2013. The poetics of commitment in modern Persian: A case of three revolutionary poets in Iran. DPhil-proefskrif, Universiteit van Kalifornië, Berkeley.
- Alimagham, P. 2020. *Contesting the Islamic Revolution: Iran's Green uprisings*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Amanat, A. 2017. *Iran: a modern history*. New Haven: Yale University Press.
- Amineh, M.P. en S.N. Eisenstadt. 2007. The Iranian Revolution: The multiple contexts of the Iranian Revolution. *Perspectives on Global Development and Technology*, 6(1):129–57.
- Amiri, H. 2022. Twitter. 31 Maart. <https://twitter.com/Homam1972/status/1509529509585858560> (15 Mei 2022 geraadpleeg).
- Anderson, L. 2019. Iran's new cultural nationalism: Iranian cultural diplomacy in Tajikistan. *Central Asian Affairs*, 6(1):21–46.
- Anoniem. s.j. Biography of ayatollah Khamenei the leader of the Islamic Revolution. Khamenei se amptelike webwerf. <https://english.khamenei.ir/news/2130/bio> (31 Mei 2022 geraadpleeg).
- Arjomand, S.A. 1985. The causes and significance of the Iranian Revolution. *State, Culture, and Society*, 1(3):41–66.
- Asharq Al-Awsat. 2018. Khamenei's new poem: pure wine and deadly poison. 9 Julie. <https://english.aawsat.com/home/article/1325736/khamenei%E2%80%99s-new-poem-pure-wine-and-deadly-poison> (15 Mei 2022 geraadpleeg).
- Atabaki, T. 2001. Recasting Oneself, rejecting the Other: Pan-Turkism and Iranian nationalism. In Van Schendel (red.) 2001.
- Bajoghli, N. 2019. *Iran reframed: Anxieties of power in the Islamic Republic*. Stanford: Stanford University Press.
- Boyer, P. 2001. *Religion explained. The evolutionary origins of religious thought*. New York: Basic Books.

- Brubaker, R. 2012. Religion and nationalism: Four approaches. *Nations and Nationalism*, 18(1):2–20.
- Brunn, S. en R. Kehrein (reds.). 2020. *Handbook of the changing world language map*. New York: Springer.
- Burt, S. 2007. Does poetry have a social function? Poetry Foundation of America. <https://www.poetryfoundation.org/poetrymagazine/articles/68755/does-poetry-have-a-social-function> (31 Mei 2022 geraadpleeg).
- Calvert, J. 2009. *Sayyid Qutb and the origins of radical Islamism*. Oxford: Oxford University Press.
- Darse Karbala. 2020. Persian poetry for Shaheed Haj Qasem Soleimani. YouTube, 22 Julie. <https://www.youtube.com/watch?v=xHF0qSP6cy8> (11 Februarie 2022 geraadpleeg).
- Esfandiari, G. 2019. Iranian poet once praised by Supreme Leader lands in IRGC custody. Radio Free Europe Radio Liberty. 6 Junie. <https://www.rferl.org/a/iranian-poet-once-praised-by-supreme-leader-lands-in-irgc-custody/29984924.html> (28 Maart 2022 geraadpleeg).
- Eshraghi, A.R. en Y. Baji, 2010. The cleric who changed. Institute for War and Peace Reporting. <https://www.refworld.org/docid/4c1091cf31.html> (28 Maart 2022 geraadpleeg).
- Euronews. 2020. Farewell procession and funeral for Iranian general Qassem Soleimani. Januarie. <https://www.youtube.com/watch?v=DAPR0pMPhwY> (11 Februarie 2022 geraadpleeg).
- Faghihi, R. 2019. Why Iran's grand ayatollahs are fighting over Rumi. *Al-Monitor*, 15 Oktober. <https://www.al-monitor.com/originals/2019/10/irans-grand-ayatollahs-fight-over-rumi.html#ixzz72qc3y8A> (28 Maart 2022 geraadpleeg).
- Farhosh-van Loon, D. 2016. Of love and longing: A study of Ayatollah Khomeini's mystical poetry and its reception in Iran and abroad. DPhil-proefskrif, Universiteit Leiden. <https://scholarlypublications.universiteitleiden.nl/access/item%3A2855766/view> (31 Mei 2022 geraadpleeg).
- Farzaneh, M.M. 2007. Shi'i ideology, Iranian secular nationalism and the Iran-Iraq War (1980–1988). *Studies in Ethnicity and Nationalism*, 7(1):86–103.
- Fassihi, F. 2020. Rare personal video of Gen. Suleimani reciting poetry shared by a source in #Iran. Twitter, 3 Januarie. <https://twitter.com/farnazfassihi/status/1212996980051529728> (11 Februarie 2022 geraadpleeg).
- Fozi, N. 2016. Neo-Iranian nationalism: Pre-Islamic grandeur and Shi'i eschatology in President Mahmud Ahmadinejad's rhetoric. *The Middle East Journal*, 70(2):227–48.
- Frye, R.N. 1975. *The Golden Age of Persia: The Arabs in the East*. Londen: Phoenix.

Ghanbari, H. en M. Rahimian. 2020. Persian language dominance and the loss of minority languages in Iran. *Open Journal of Social Sciences*, 8:8–18.

Gieling, S. 1999. *Religion and war in Revolutionary Iran*. Londen: I.B. Tauris.

Habibi, T. 2017. Supreme Leader: Present poetry at service of concepts of Revolution. Islamic Development Organization. 7 Junie. <http://ido.ir/en/news/?id=998> (28 Maart 2022 geraadpleeg).

Hassani, A. 2015. Censorship of poetry in post-Revolutionary Iran (1979–2014). DPhil-proefskrif, Newcastle Universiteit.

Hillman, B. 2008. Cracks in the oracle bone: Teaching certain contemporary poems. The Judith Stronach Memorial Lectures on the Teaching of Poetry. Poetry Foundation of America. <https://www.poetryfoundation.org/articles/69568/cracks-in-the-oracle-bone-teaching-certain-contemporary-poems> (31 Mei 2022 geraadpleeg).

—. 2012. Red, white & blue. Poetry Society of America. September. <https://poetrysociety.org/features/red-white-blue/brenda-hillman-1> (31 Mei 2022 geraadpleeg).

Hovsepian-Bearce, Y. 2016. *The political ideology of Ayatollah Khamenei*. Londen: Routledge.

Hugo, D. 2018. *Vers en kapittel: Artikels, rubrieke en naskrifte oor die digkuns*. Centurion: Kraal Uitgewers.

IFilmTV. 2020. Int'l condolences over maestro Shajarian's passing. 11 Oktober. <https://en.ifilmtv.tv/News/Content/31720/?vocalist> (11 Februarie 2022 geraadpleeg).

—. 2022. Take a listen to “Battle” symphonic poem. 3 Januarie. <https://en.ifilmtv.tv/News/Content/37505> (11 Februarie 2022 geraadpleeg).

Iran's Book News Agency. 2010. Mulla Sadra stamp unveiled. 22 Mei. <https://www.ibna.ir/en/naghli/70503/mulla-sadra-stamp-unveiled> (11 Februarie 2022 geraadpleeg).

Karimi-Hakkak, A. 2019. *A fire of lilies: Perspectives on literature and politics in modern Iran*. Leiden: Leiden University Press.

Khamenei, A.H. 2002. Leader's statements in a meeting with participants in IWMC. 31 Januarie, Tehran. <https://english.khamenei.ir/news/162/Leader-s-Statements-in-a-Meeting-with-Participants-in-IWMC> (15 Maart 2022 geraadpleeg).

—. 2004. Leader's speech in meeting with people of Hamedan province. 5 Julie, Hamedan. <https://english.khamenei.ir/news/2074/Leader-s-Speech-in-Meeting-with-People-of-Hamedan-Province> (15 Maart 2022 geraadpleeg).

- . 2006a. Leader's message to the great Hajj congress. 9 Januarie, Tehran. <https://english.khamenei.ir/news/236/Leader-s-Message-to-the-Great-Hajj-Congress> (15 Maart 2022 geraadpleeg).
- . 2006b. Leader's speech in meeting with government officials and ambassadors from Islamic countries. 16 April, Tehran. <https://english.khamenei.ir/news/2006/Leader-s-Speech-in-Meeting-with-Government-Officials-and-Ambassadors> (15 Maart 2022 geraadpleeg).
- . 2006c. Leader's address to cinema directors. 13 Junie, Tehran. <https://english.khamenei.ir/news/62/Leader-s-Address-to-Cinema-Directors> (15 Maart 2022 geraadpleeg).
- . 2007a. Leader's speech to panygerists on Fatima Zahra's birthday. 5 Julie, Tehran. <https://english.khamenei.ir/news/1775/Leader-s-Speech-to-Panegyrist-on-Fatima-Zahra-s-a-Birthday> (15 Maart 2022 geraadpleeg).
- . 2007b. Leader's message of condolence on the demise of prominent revolutionary poet Dr. Qaysar Aminpur. 31 Oktober, Tehran. <https://english.khamenei.ir/news/10/Leader-s-Message-of-Condolence-on-the-Demise-of-Prominent-Revolutionary> (15 Maart 2022 geraadpleeg).
- . 2008. Leader's address to executive officials in Fars province. 7 Mei, Shiraz. <https://english.khamenei.ir/news/777/Leader-s-Address-to-Executive-Officials-in-Fars-Province> (21 Maart 2022 geraadpleeg).
- . 2009a. Leader's address on the Holy Prophet's birth anniversary. 15 Maart, Tehran. <https://english.khamenei.ir/news/1065/Leader-s-Address-on-the-Holy-Prophet-s-Birth-Anniversary> (21 Maart 2022 geraadpleeg).
- . 2009b. Leader's public address in Sanandaj. 12 Mei, Sanandaj. <https://english.khamenei.ir/news/1090/Leader-s-Public-Address-in-Sanandaj> (21 Maart 2022 geraadpleeg).
- . 2009c. Leader's address on the occasion of imam Khomeini's demise anniversary. 4 Junie, Tehran. <https://english.khamenei.ir/news/1138/Leader-s-Address-on-the-Occasion-of-Imam-Khomeini-s-Demise-Anniversary> (21 Maart 2022 geraadpleeg).
- . 2010. Leader's speech in meeting with poets. 25 Augustus, Tehran. <https://english.khamenei.ir/news/2059/Leader-s-Speech-in-Meeting-with-Poets> (24 Maart 2022 geraadpleeg).
- . 2011. Leader's speech to panegyrist. 24 Mei, Tehran. <https://english.khamenei.ir/news/1492/Leader-s-Speech-to-Panegyrist> (24 Maart 2022 geraadpleeg).
- . 2012a. Leader's speech to panegyrist. 12 Mei, Tehran. <https://english.khamenei.ir/news/1642/Leader-s-Speech-to-Panegyrist> (24 Maart 2022 geraadpleeg).

- . 2012b. Leader's speech to youth of North Khorasan. 3 Oktober, Tehran. <https://english.khamenei.ir/news/1714/Leader-s-Speech-to-Youth-of-North-Khorasan> (24 Maart 2022 geraadpleeg).
- . 2013a. Leader's speech to a group of panegyrist. 1 Mei, Tehran. <https://english.khamenei.ir/news/1780/Leader-s-Speech-to-a-Group-of-Panegyrist> (24 Maart 2022 geraadpleeg).
- . 2013b. Leader's speech to poets. 23 Julie, Tehran. <https://english.khamenei.ir/news/1842/Leader-s-Speech-to-Poets> (24 Maart 2022 geraadpleeg).
- . 2014a. Leader's speech in meeting with panegyrist. 20 April, Tehran. <https://english.khamenei.ir/news/1897/Leader-s-Speech-in-Meeting-with-Panegyrist> (24 Maart 2022 geraadpleeg).
- . 2014b. Leader's speech in meeting with poets. 12 Julie, Tehran. <https://english.khamenei.ir/news/1936/Leader-s-Speech-in-Meeting-with-Poets> (24 Maart 2022 geraadpleeg).
- . 2015a. Leader's speech in meeting with panegyrist. 9 April, Tehran. <https://english.khamenei.ir/news/2045/Leader-s-Speech-in-Meeting-with-Panegyrist> (26 Maart 2022 geraadpleeg).
- . 2015b. Leader's speech in meeting with poets. 1 Julie, Tehran. <https://english.khamenei.ir/news/2095/Leader-s-speech-in-meeting-with-poets> (26 Maart 2022 geraadpleeg).
- . 2015c. I had a very exciting youth. 8 November, Tehran. <https://english.khamenei.ir/news/2342/I-had-a-very-exciting-youth> (26 Maart 2022 geraadpleeg).
- . 2015d. Poetry is not incompatible with seminary knowledge. 22 Desember, Tehran. <https://english.khamenei.ir/news/2923/Poetry-is-not-incompatible-with-seminary-knowledge> (26 Maart 2022 geraadpleeg).
- . 2016a. Not only has Islam accepted art but encouraged it. 11 Januarie. <https://english.khamenei.ir/news/4405/Not-Only-Has-Islam-Accepted-Art-But-It-Has-Also-Encouraged-It> (26 Maart 2022 geraadpleeg).
- . 2016b. Westerners themselves acknowledge that clergy has never been afraid of them. 30 Maart, Tehran. <https://english.khamenei.ir/news/3608/Westerners-Themselves-Acknowledge-That-Clergy-Have-Never-Been> (26 Maart 2022 geraadpleeg).
- . 2019a. The "Second Phase of the Revolution" statement addressed to the Iranian nation. 11 Februarie, Tehran. <https://english.khamenei.ir/news/6415/The-Second-Phase-of-the-Revolution-Statement-addressed-to-the> (26 Maart 2022 geraadpleeg).
- . 2019b. The IRIB should promote correct Farsi language and not promote language devoid of national identity. 20 Mei, Tehran. <https://english.khamenei.ir/news/6724/The-IRIB-should-promote-correct-Farsi-language-and-not-promote> (26 Maart 2022 geraadpleeg).

—. 2021. Environmental preservation is a religious, revolutionary activity. 5 Maart, Tehran. <https://english.khamenei.ir/news/8414/Environmental-preservation-Is-a-religious-revolutionary-activity> (26 Maart 2022 geraadpleeg).

—. 2022. The most important struggle today is that of clarification. 23 Januarie, Tehran. <https://english.khamenei.ir/news/8838/The-most-important-struggle-today-is-that-of-clarification> (26 Maart 2022 geraadpleeg).

Kia, M. 2020. *Persianate selves: Memories of place and origin before nationalism*. Stanford: Stanford University Press.

Knysh, A. 1992. *Irfan revisited: Khomeini and the legacy of Islamic mystical philosophy*. *Middle East Journal*, 46(4):631–53.

Lal, R. 2019. Iranian nationalism during the Constitutional Revolution. *The Yale Review of International Studies*, November. <http://yris.yira.org/essays/3652> (28 Maart 2022 geraadpleeg).

Le Bot, J.-M. 2015. Julie Freund and the essence of the political, a “Medianionist” reading. *Tétralogiques*, 20. <http://www.tetralogiques.fr?spip.php?article129> (2 Februarie 2022 geraadpleeg).

Leigh, D.J. 2010. The philosophy and theology of Fyodor Dostoevsky. *Ultimate Reality and Meaning*, 33(1/2):85–103.

Litvak, M. 2020. “God’s favored nation”: The new religious nationalism in Iran. *Religions*, 11:541. <https://doi.org/10.3390/rel11100541> (28 Maart 2022 geraadpleeg).

Litvak, M. (red.). 2017. *Constructing nationalism in Iran: From the Qajars to the Islamic Republic*. Londen: Routledge.

Manoukian, S. 2004. Culture, power and poetry in Shiraz. *ISIM Newsletter*, 14:40–1.

Matin-Asgari, A. 2018. *Both Eastern and Western: An intellectual history of Iranian modernity*. Cambridge: Cambridge University Press.

Matthee, H. 2010. Gulf to remain prime theatre for Iranian deterrence. *Strategic Insights*, 24 Junie.

McChrystal, S. 2019. Iran’s deadly puppet master. *Foreign Policy*, Winter. <https://foreignpolicy.com/gt-essay/irans-deadly-puppet-master-qassem-suleimani> (28 Maart 2022 geraadpleeg).

Mehraban, A. en A.M. Modab. Poem-Symphony-Soldier. Radio and Television Symphony Orchestra. <https://beeptunes.com/album/567349190> (11 Februarie 2022 geraadpleeg).

Melucci, A. 1996. *Challenging codes: Collective action in the information age*. Cambridge: Cambridge University Press.

Moradi, S. 2020. Languages of Iran: Overview and critical assessment. In Brunn en Kehrein (reds.) 2020.

Mouffe, C. 1993. *The return of the political*. Londen: Verso.

Moxey, K. 2013. *Visual time: The image in history*. Durham, NC: Duke University Press.

Nikzad, P. 2022. International poetry night of “Resistance” held in Tehran. 3 Januarie. <https://en.mehrnews.com/photo/182488/International-Poetry-Night-of-Resistance-held-in-Tehran> (11 Februarie 2022 geraadpleeg).

Olszewska, Z. 2015. *The pearl of Dari: Poetry and personhood among young Afghans in Iran*. Bloomington, IN: Indiana University Press.

Ostovar, A. 2016. *Vanguard of the Imam: Religion, politics and Iran’s Revolutionary Guards*. Oxford: Oxford University Press.

Rancière, J. 2011. The politics of literature. Vertaal deur Julie Rose. Cambridge: Polity Press.

Rahimeh, N. 2017. Four iterations of Persian literary nationalism. In Litvak (red.) 2017.

Sartwell, C. 2010. *Political aesthetics*. Ithaca: Cornell University Press.

Seyyed-Gohrab, A. 2019. The bleeding pen: Literature and politics in modern Iran. In Karimi-Hakkak (red.) 2019.

—. 2021. *Martyrdom, mysticism and dissent: The poetry of the Islamic Revolution and the Iran-Iraq War (1980–1988)*. Berlyn: De Gruyter.

Shadmehr, M. 2017. Khomeini’s theory of Islamic State and the making of the Iranian Revolution. SSRN. <http://dx.doi.org/10.2139/ssrn.3037793> (31 Mei 2022 geraadpleeg).

Shams, F. 2015a. *The dialectic of poetry and power*. Dirasat No. 3, King Faisal Center for Research and Islamic Studies.

—. 2015b. *Official voices of a revolution: A social history of the Islamic Republican Party*, DPhil-proefskrif, Oxford Universiteit.

ShiaTV. 2018. Till the last drop of blood. <https://www.shiatv.net/video/1203750052> (28 Maart 2022 geraadpleeg).

Shoma News. 2021. The poets sang about the martyrs of the resistance on the night of the poem “Man of the square”. 1 Januarie. <https://shoma.news/the-poets-sang-about-the-martyrs-of-the-resistance-on-the-night-of-the-poem-man-of-the-square.html> (11 Februarie 2022 geraadpleeg).

Siamdoust, N. 2017. *Soundtrack of the revolution. The politics of music in Iran*. Stanford: Stanford University Press.

- Simms, R. en A. Koushkani. 2012. *The art of avaz and Mohammad Reza Shajarian: Foundations and contexts*. Washington, DC: Lexington Books.
- Steyn, J. 1998. *Van Wyk Louw: 'n lewensverhaal*, Deel I. Kaapstad: Tafelberg.
- Tabaar, M.A. 2019. *Religious statecraft: The politics of Islam in Iran*. New York: Columbia University Press.
- Tabatabai, A.M. 2020. *No conquest, no defeat: Iran's national security strategy*. Oxford: Oxford University Press.
- Tehran Times. 2020. Poets commemorate general Soleimani. 4 Januarie. <https://www.tehrantimes.com/news/443741/Poets-commemorate-General-Soleimani> (11 Februarie 2022 geraadpleeg).
- . 2021. IRIB orchestra performs symphonic poem “Arvand”. 5 November. <https://www.tehrantimes.com/news/466708/IRIB-orchestra-performs-symphonic-poem-Arvand> (11 Februarie 2022 geraadpleeg).
- Van Schendel, W. (red.). 2001. *Identity politics in Central Asia and the Muslim world: Nationalism, ethnicity and labour in the twentieth century*. Londen: I.B. Tauris.
- Vatanka, A. 2022. Iran's hijab protests show the regime is unreformable. Middle East Institute. 23 September. <https://www.mei.edu/blog/irans-hijab-protests-show-regime-unreformable> (27 September 2022 geraadpleeg).
- Walbridge, J. 1999. *The leaven of the ancients: Suhrawardī and the heritage of the Greeks*. New York: State University of New York Press.
- Wamsley, L. 2020. Trump says he'll target Iran's cultural sites. That's illegal. NPR. 6 Januarie. <https://www.npr.org/2020/01/06/794006073/trump-says-hell-target-iran-s-cultural-sites-that-s-illegal> (21 Maart 2022 geraadpleeg).
- Yarshater, E. 1962. Some characteristics of Persian poetry and art. *Studia Islamica*, 16:61–71.
- YouTube. 2021. Haj Qasem Soleimani Recites a Poem. 23 Januarie. <https://www.youtube.com/watch?v=IIRPf0F4LQE> (11 Februarie 2022 geraadpleeg).
- Zia-Ebrahim, R. 2016. *The emergence of Iranian nationalism: Race and the politics of dislocation*. New York: Columbia University Press.